

## HOOFSTUK 9

### EMPIRIESE ONDERSOEK

#### 9.1 Inleiding

Die empiriese ondersoek is gedurende die laaste week van Januarie 2002 gedoen. Vraelyste is aan drie Afrikaanse hoërskole in Johannesburg gestuur. Toestemming is vooraf by die betrokke skoolhoofde verkry. In ooreenstemming met die navorsingsontwerp (sien 1.4), is graad 12 leerders met Afrikaans as moedertaal, versoek om die vraelys te voltooi. Daar is op graad 12 leerders as teikengroep besluit, omdat hierdie leerders binnekort die wêreld van die volwassene betree en reeds tot 'n groot mate onafhanklik dink. Die gemiddelde ouderdom van die respondente is 18 jaar. Sommige oorvleuelende vrae is doelbewus gestel om die geldigheid van response te toets. Die Afrikaanse leerkragte wat vir die betrokke teikengroepe klasgee, is ook versoek om 'n vraelys te voltooi.

#### 9.2 Onderzoekmetode

##### 9.2.1 Die doel met die vraelyste

###### 9.2.1.1 Leerders

Die doel met die vraelys aan die leerders is om die volgende vas te stel:

- i) Biografiese besonderhede;
- ii) Linguistiese erfenis;
- iii) Taalgebruik in verskillende domeine;
- iv) Houding en mening oor taal in onderwys;
- v) Houding ten opsigte van Afrikaans en taal in die algemeen.

###### 9.2.1.2 Leerkragte

Die doel met die vraelys aan die leerkragte is om die volgende vas te stel:

- i) Die leerkragte se persepsies betreffende die respondente se houding teenoor Afrikaans as skoolvak;
- ii) Die leerkragte se persepsies betreffende die respondente se houding ten opsigte van Afrikaans as moedertaal.

Sowel die vraelyste vir die respondente, as die vraelyste vir die leerkragte, bevat vrae waar die respondente ook 'n rede(s) vir hul antwoorde moet verskaf.

### **9.2.2 Seleksie van die teikengroepe, steekproeftrekking en respons**

Drie skole wat verskillende sosio-ekonomiese groepe in die samelewing verteenwoordig, is by die ondersoek betrek. Die rede hiervoor, is om te bepaal of daar 'n houdingsverskil ten opsigte van Afrikaans onder graad 12 leerders in die verskillende skole bestaan. Geografies is hierdie skole nie in dieselfde voorstede geleë nie. In die bespreking sal daar voortaan na skool A (hoë sosio-ekonomiese groep), skool B (lae sosio-ekonomiese groep) en skool C (gemengde sosio-ekonomiese groep), verwys word. Skool A, is enkelmedium met Afrikaans as voertaal. Engels word as eerste- en tweede taal aangebied. Die oorgrote meerderheid van die leerders is Blank. 'n Derde taal, naamlik Duits word aangebied. Skool B is ook enkelmedium met Afrikaans as voertaal. Engels word slegs as tweede taal aangebied. Geen derde taal word aangebied nie. Die oorgrote meerderheid van die leerders is Bruin. Skool C is dubbelmedium (Afrikaans/Engels). Sowel Engels as Afrikaans word as eerste tale aangebied. Die skool bied nie 'n derde taal aan nie. Daar is 'n groot persentasie Blanke-, Indiër- en Swart Engelssprekende leerders by die skool.

Die onderskeie skole is deur middel van 'n kontakpersoon versoek om net graad 12 leerders wat Afrikaans as moedertaal het, by die vraelyste te betrek. Die kontakpersoon by elke skool is voorts versoek om 15 seuns en 15 meisies wat aan hierdie vereiste voldoen, te vra om die vraelys te voltooi. Die leerkragte het in al die gevalle die leerders in die klas(se) vir wie hulle skoolhou, gebruik. Volgens die leerkragte is die leerders in hierdie klasse, verteenwoordigend van die graad twaalf leerders in die skool.

Die oogmerk met die skeiding van die geslagte, is om te bepaal of daar 'n verskil in houding teenoor Afrikaans en taal oor die algemeen, onder die verskillende geslagte bestaan. Al die vraelyste wat aan die skole gestuur is, is terug ontvang.

Dit is belangrik om daarop te let dat die persentasies op die oog af nie in al die gevalle kloppend is, omdat die persentasies afgerond is. Van die respondente het hier en daar ook nie al die vrae beantwoord nie.

### **9.3 Bevindings**

In 9.3.1 tot 9.3.5 word die rou data ontleed en bespreek. 'n Samevatting van die hoofbevindings wat uit die data spruit, word in 9.4 deur middel van sirkelgrafieke weergegee. Die statistiese geldigheid van die data ten opsigte van die twee veranderlikes

naamlik i) geslag en ii) die verskil in houdings tussen die drie skole, ten opsigte van sekere vrae, is in konsultasie met die Randse Afrikaanse Universiteit se Statistiese konsultasiediens, volgens die Chikwadraat prosedure getoets.

Hierdie prosedure impliseer dat verwagte frekwensies bereken word op die basis van 'n hipotese of voorveronderstelling  $H_0$  (nul hipotese). Indien onder hierdie hipotese die berekende waarde van die chikwadraat groter is as die kritiese waarde 0,05, moet aanvaar word dat die vasgestelde frekwensies verskil van die verwagte frekwensies. Die nul-hipotese word dan verwerp. Indien dit nie die geval is nie, word die nul hipotese aanvaar.

In die bespreking van die data wat hier volg, word ten opsigte van die twee veranderlikes aangedui, wanneer data wat getoets is op grond van hierdie werkswyse, beskryf word as nie voldoende beduidend nie. Hierdie verskynsel word in 'n mate toegeskryf aan die grootte van die steekproef. Aan die ander kant was daar in die meeste gevalle tog aansienlike neigings bespeurbaar, wat op grond van 'n ondersoek met groter getalle proefpersone, gegewens kan oplewer wat wel statisties beduidend sou wees.

### 9.3.1 Biografiese besonderhede

**Vraag 1** van die vraelys (Sien bylaag A) handel oor die biografiese besonderhede van die respondente. Al die respondente het al die vrae in hierdie verband beantwoord. Die respondente is gevra om hulle geslag aan te dui. Die vraag is ingesluit om seker te maak dat die vraelyste voltooi is, soos versoek. Die leerders is in hierdie afdeling ook gevra om aan te toon watter beroepe hulle ouers beklee. Die vraag is ingesluit om die inligting oor die sosio-ekonomiese agtergrond van die respondente, soos verskaf deur die kontakpersone, te toets. Al die beroepe van die respondente se ouers word nie gelys nie, omdat daar 'n wye spektrum van beroepe voorkom. Daar word net 'n algemene opsomming gegee.

Skool A se respondente kom hoofsaaklik uit hoë inkomste groepe. Die ouers beklee oor die algemeen professionele beroepe. Voorbeelde hiervan is dokters, prokureurs, ingenieurs, besturende direkteurs, rekenmeesters en sielkundiges. Oor die algemeen beoefen beide ouers 'n professie.

Skool B se respondente kom hoofsaaklik uit lae inkomste groepe. Van die ouers is haarkapsters, klerke, sekuriteitsbeamptes, verpleegsters en pensioenarisse. 'n Groot aantal van die moeders is huisvroue.

Skool C se respondente kom uit 'n gemengde sosio-ekonomiese agtergrond. Die ouers se beroepe wissel van professionele beroepe, tot lae inkomste beroepe. Van die respondente se ouers is prokureurs, boukontraakteurs en dosente, terwyl ander respondente se ouers winkelassistente, slotmakers en polisiemanne is.

### 9.3.2 Linguistiese erfenis

**Vraag 2** van die vraelys handel oor die respondente se linguistiese erfenis. 'n Verskeidenheid vrae is gevra om vas te stel watter taal/tale in die gesinsdomein gepraat word.

**Data (Tabel 1)**

	2.1				2.2				2.3			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	14	1	0	0	14	0	0	1	15	0	0	0
Skool A - V	14	0	0	1	14	1	0	0	15	0	0	0
Skool B - M	15	0	0	0	14	1	0	0	15	0	0	0
Skool B - V	14	1	0	0	13	2	0	0	15	0	0	0
Skool C - M	15	0	0	0	13	2	0	0	15	0	0	0
Skool C - V	14	1	0	0	15	0	0	0	15	0	0	0
Totale - M	44	1	0	0	41	3	0	1	45	0	0	0
% - M	98%	2%	0%	0%	91%	7%	0%	2%	100%	0%	0%	0%
Totale - V	42	2	0	1	42	3	0	0	45	0	0	0
% - V	93%	4%	0%	2%	93%	7%	0%	0%	100%	0%	0%	0%
Totale	86	3	0	1	83	6	0	1	90	0	0	0
% - Beide	96%	3%	0%	1%	92%	7%	0%	1%	100%	0%	0%	0%

Die volgende vrae is ten opsigte van moedertaal gevra.

**Vraag 2.1 Wat is jou moeder se moedertaal?**

**Vraag 2.2 Wat is jou vader se moedertaal?**

**Vraag 2.3 Wat is jou moedertaal?**

Uit die data (vrae 2.1 en 2.2) blyk dit duidelik dat die respondente (manlik en vroulik) uit 'n oorwegend Afrikaanse agtergrond kom (96% van die moeders se moedertaal is Afrikaans, teenoor 92% van dié van die vaders). Al die respondente het aangetoon dat hulle

moedertaal Afrikaans is. Vraag 2.3 is ingesluit as kontrole om te verseker dat al die respondente se moedertaal wel Afrikaans is.

### Data (Tabel 2)

	2.4				2.5				2.6			
	A	E	A/E	Ander	A	E	Geen	Ander	A	E	A/E	3 de Taal
Skool A - M	15	0	0	0	0	12	3	0	0	0	15	0
Skool A - V	15	0	0	0	0	5	8	2	0	0	15	7
Skool B - M	14	1	0	0	0	8	7	0	0	0	15	0
Skool B - V	15	0	0	0	0	10	5	0	0	0	15	1
Skool C - M	15	0	0	0	0	5	10	0	0	0	15	0
Skool C - V	13	1	1	0	0	12	3	0	0	0	15	0
Totale - M	44	1	0	0	0	25	20	0	0	0	45	0
% - M	98%	2%	0%	0%	0%	56%	44%	0%	0%	0%	100%	0%
Totale - V	43	1	1	0	0	27	16	2	0	0	45	8
% - V	96%	2%	2%	0%	0%	60%	36%	4%	0%	0%	100%	18%
Totale	87	2	1	0	0	52	36	2	0	0	90	8
% - Beide	97%	2%	1%	0%	0%	58%	40%	2%	0%	0%	100%	9%

### Vraag 2.4 Watter taal praat jy die meeste in jou huis?

Die data toon dat Afrikaans die taal is wat die meeste deur die respondente in die huis gepraat word (97%). Daar is wel 'n klein persentasie gesinne waar Engels die meeste gepraat word (2%). In 1% van die gesinne word Afrikaans en Engels ewe veel gepraat. Wanneer hierdie data met die data in vraag 2.3 vergelyk word, blyk dit dat 3% van die respondente wat Afrikaans as hul moedertaal aandui, dit nie oorwegend tuis praat nie. Uit die data blyk dit dat die moeder se moedertaal voorkeur geniet.

### Vraag 2.5 Praat jy enige ander taal/tale in die huis? Noem asseblief die tale.

Die invloed van Engels in die gesinsdomein is hier baie duidelik waarneembaar. In 58% van die gesinne word daar ook Engels in die huis gepraat, ten spyte van die feit dat ongeveer 94% van beide ouers Afrikaans as moedertaal het. Slegs 40% van die respondente praat net Afrikaans in die huis. 'n Verdere 2% praat ook Engels en 'n ander taal, naamlik Duits in die huis (slegs skool A se vroulike respondente). Dit is opmerklik dat 80% van die manlike respondente van skool A ook Engels in die huis praat, teenoor 53% van skool B se manlike respondente. Hierteenoor praat slegs 33% van skool C se manlik respondente Engels in die huis. Onder die vroulike respondente kom daar ook opvallende verskille in respons tussen die verskillende skole voor. In skool A, praat 33% van die vroulike

respondente ook Engels in die huis. In skool B praat 66% van die vroulik respondente ook Engels, teenoor 80% van die vroulik respondente in skool C. Die data toon dat daar sterk aanduidings van dubbeltaligheid is.

### Vraag 2.6 In watter tale kan jy 'n gesprek voer?

Uit die data blyk dit dat al die respondente van mening is dat hulle in Engels en Afrikaans 'n gesprek kan voer. Nie een van die manlike respondente kan 'n gesprek in 'n ander taal voer nie, terwyl 18% van die vroulike respondente in 'n derde taal (Duits – 16%, isiZoele – 2%) 'n gesprek kan voer. Die vroulike respondente wat 'n gesprek in 'n ander taal kan voer, kom hoofsaaklik uit skool A, waar Duits as skoolvak aangebied word.

### Data (Tabel 3)

	2.7				2.8			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	15	0	0	0	0	0	15	0
Skool A - V	15	0	0	0	0	0	15	7
Skool B - M	15	0	0	0	0	0	15	0
Skool B - V	15	0	0	0	0	0	15	0
Skool C - M	15	0	0	0	0	0	15	0
Skool C - V	15	0	0	0	0	0	15	0
Totale - M	45	0	0	0	0	0	45	0
% - M	100%	0%	0%	0%	0%	0%	100%	0%
Totale - V	45	0	0	0	0	0	45	7
% - V	100%	0%	0%	0%	0%	0%	100%	16%
Totale	90	0	0	0	0	0	90	7
% - Beide	100%	0%	0%	0%	0%	0%	100%	8%

### Vraag 2.7 In watter volgorde het jy die tale verwerf?

Al die respondente (manlik en vroulik) het eerste Afrikaans aangeleer, daarna Engels en waar van toepassing, die derde taal. Hierdie data bevestig die data in vraag 2.3, waar al die respondente aangedui het dat Afrikaans hul moedertaal is.

### Vraag 2.8 Watter van hierdie tale neem jy op skool?

Al die respondente (manlik en vroulik) neem Afrikaans en Engels op skool. Van die respondente (18%) wat ook ander tale magtig is, neem 16% hierdie taal as skoolvak. Slegs vroulike respondente neem 'n derde taal as skoolvak. Die enigste respondent wat 'n ander

amptelike taal magtig is, het dit nie by die skool verwerf nie. Die respondente wat wel 'n derde taal by die skool neem, kan almal 'n gesprek in hierdie taal voer - sien vraag 2.6.

### 9.3.3 Taalgebruik

**Vraag 3.1** van die vraelys handel oor die respondente se taalgebruik met verskillende persone binne en buite die gesinsdomein. Die volgende vraag is gevra: **Watter taal/tale gebruik jy (het jy gebruik) wanneer jy met die volgende persone praat?**

**Data (Tabel 4)**

	3.1.1				3.1.2				3.1.3			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	13	0	2	0	12	0	1	0	10	1	0	0
Skool A - V	14	1	0	0	14	0	1	0	10	1	1	0
Skool B - M	14	0	1	0	13	1	1	0	13	0	0	0
Skool B - V	12	0	3	0	12	1	2	0	12	0	0	0
Skool C - M	15	0	0	0	14	1	0	0	7	0	0	0
Skool C - V	13	2	0	0	14	1	0	0	9	0	3	0
Totale - M	42	0	3	0	39	2	2	0	30	1	0	0
% - M	93%	0%	7%	0%	90%	5%	5%	0%	97%	3%	0%	0%
Totale - V	39	3	3	0	40	2	3	0	31	1	4	0
% - V	86%	7%	7%	0%	90%	4%	6%	0%	86%	3%	11%	0%
Totale	81	3	6	0	79	4	5	0	61	2	4	0
% - Beide	90%	3%	7%	0%	90%	4%	6%	0%	91%	3%	6%	0%

#### Vraag 3.1.1 Jou ma

Hierdie vraag is deur al die respondente beantwoord. Die meerderheid van die respondente (manlik en vroulik) praat net Afrikaans met hul ma's (90%). Die data toon dat geen manlike respondent net Engels met hul ma's praat nie, teenoor 7% vroulike respondente wat net Engels praat. 'n Klein persentasie manlike respondente (7%), praat Engels en Afrikaans met hul ma's. Alhoewel daar nie 'n groot persentasieverskil voorkom nie, is dit opmerklik dat meer manlike respondente (93%) as vroulike respondente (86%), net Afrikaans met hul ma's praat. Dit is insiggewend dat dit slegs vroulike respondente is wat Engels met hul ma's praat. By skool A is daar 'n vroulike respondent wat net Engels met haar ma praat, alhoewel die ma Afrikaans is – sien vraag 2.1. Dieselfde verskynsel kom by skool C voor.

#### Vraag 3.1.2 Jou pa

Hierdie vraag is deur 98% van die respondente beantwoord. Uit die data kan waargeneem word dat sommige van die respondente uit enkelouer gesinne kom. Die respondente het

nie altyd aangetoon watter taal hulle met hul pa's praat, of gepraat het nie. Net soos in vraag 3.1.1 praat 90% van die respondente (manlik en vroulik) net Afrikaans met hul pa's. 'n Klein persentasie respondente (manlik en vroulik) praat net Engels met hul pa's (4%). Ongeveer 6% van die respondente (manlik en vroulik) praat Engels en Afrikaans met hul pa's. Die respons van die manlike en vroulike respondente was identies.

### 3.1.3 Ouer broers en susters

Uit die data blyk dit dat slegs ongeveer 74% van die respondente ouer broers en susters het. Dit is egter opmerklik dat alhoewel die respondente uit 'n oorwegend Afrikaanse agtergrond kom, hulle nie net Afrikaans in die huis met hul ouer broers en susters praat nie. Die meerderheid van die manlike respondente (97%), praat Afrikaans met hul ouer broers en susters. Slegs 3% praat net Engels. Daarteenoor praat (86%) van die vroulike respondente net Afrikaans met hul ouer broers en susters. Net soos in die geval van die manlike respondente, praat 3% van die vroulike respondente net Engels, terwyl 11% van die vroulike respondente Afrikaans en Engels praat. Die data toon dat dit hoofsaaklik die vroulike respondente van skool C is wat Afrikaans en Engels met hul ouer broers en susters praat.

### Data (Tabel 5)

	3.14				3.15				3.16			
	A	E	A/E	Andr	A	E	A/E	Andr	A	E	A/E	Andr
Skool A - M	10	0	2	0	12	0	0	0	7	1	0	0
Skool A - V	10	0	0	1	11	0	1	0	11	0	1	0
Skool B - M	8	1	1	0	11	0	0	0	9	2	0	0
Skool B - V	8	1	0	0	14	1	0	0	12	1	1	0
Skool C - M	11	1	1	0	14	1	0	0	14	1	0	0
Skool C - V	8	0	3	0	15	0	0	0	15	0	0	0
Totale - M	29	2	4	0	37	1	0	0	30	4	0	0
% - M	83%	6%	11%	0%	98%	2%	0%	0%	88%	12%	0%	0%
Totale - V	26	1	3	1	40	1	1	0	38	1	2	0
% - V	84%	3%	10%	3%	96%	2%	2%	0%	93%	2%	5%	0%
Totale	55	3	7	1	77	2	1	0	68	5	2	0
% - Beide	83%	4%	11%	2%	96%	3%	1%	0%	91%	7%	2%	0%

### Vraag 3.1.4 Jonger broers en susters

Die data toon dat ongeveer 73% van die respondente jonger broers en susters het. Anders as in vraag 3.1.3, kom daar feitlik geen verskil in respons tussen die manlike- en vroulike



respondente voor nie. In beide gevalle praat ongeveer 83% van die respondente (manlik en vroulik) Afrikaans met hul jonger broers en susters, ongeveer 11% Afrikaans en Engels en 4% slegs Engels.

### Vraag 3.1.5 Jou pa se ma

Slegs 89% van die respondente het hierdie vraag beantwoord. Volgens die data praat 96% van al die respondente wat die vraag beantwoord het, Afrikaans met hul oumas aan vaderskant, 3% praat slegs Engels en 1% Afrikaans en Engels. Daar is nie 'n noemenswaardige verskil tussen die respons van die manlike- en vroulike respondente nie.

### Vraag 3.1.6 Jou pa se pa

Net 83% van die respondente het hierdie vraag beantwoord. Dit blyk duidelik dat die meerderheid van die respondente wat die vraag beantwoord het, Afrikaans met hulle oupas aan vaderskant praat. Die data toon dat 88% van die manlike respondente net Afrikaans met hul oupas praat, terwyl 12% net Engels praat. Volgens data verskaf deur die vroulike respondente, praat 93% net Afrikaans met hul oupas aan vaderskant. In teenstelling met die manlike respondente, praat 2% slegs Engels en 5% Afrikaans en Engels met hul oupas.

### Data (Tabel 6)

	3.1.7				3.1.8			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	12	0	1	0	11	0	0	0
Skool A - V	12	0	0	0	9	0	1	0
Skool B - M	14	0	0	0	11	0	0	0
Skool B - V	11	1	0	0	11	1	1	0
Skool C - M	15	0	0	0	15	0	0	0
Skool C - V	14	0	1	0	15	0	0	0
Totale - M	41	0	1	0	37	0	0	0
% - M	98%	0%	2%	0%	100%	0%	0%	0%
Totale - V	37	1	1	0	35	1	2	0
% - V	96%	2%	2%	0%	92%	3%	5%	0%
Totale	78	1	2	0	72	1	2	0
% - Beide	96%	1%	3%	0%	96%	1%	3%	0%

### Vraag 3.1.7 Jou ma se ma

Hierdie vraag is deur 90% van die respondente beantwoord. Uit die data blyk dit dat ongeveer 96% van die respondente wat die vraag beantwoord het, net Afrikaans met hul oumas aan moederskant praat. Hierdie data stem ooreen met die data van vraag 3.1.5. Van

die oorblywende respondente, praat 1% slegs Engels met hul oumas en 2% Afrikaans en Engels met hul oumas aan moederskant.

### Vraag 3.1.8 Jou ma se pa

Ongeveer 83% van die respondente het hierdie vraag beantwoord. Die data toon dat al die manlike respondente net Afrikaans met hul oupas aan moederskant praat. Dit blyk dat 92% van die vroulike respondente net Afrikaans, 3% net Engels en 5% Afrikaans en Engels met hul oupas praat.

Uit die data (vrae 3.1.5 tot 3.1.8), wat handel oor die tale waarmee daar met die grootouers gepraat word, blyk dit duidelik dat moedertaalkommunikasie met die grootouers gehandhaaf word, in teenstelling met die taalgebruik in die ouerhuis - sien vraag 2.5.

### Data (Tabel 7)

	3.1.9				3.1.10				3.1.11			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	10	0	5	0	5	3	7	0	2	9	2	0
Skool A - V	10	0	5	0	1	5	9	0	2	10	3	0
Skool B - M	15	0	0	0	3	4	8	0	2	8	5	0
Skool B - V	14	0	1	0	5	5	5	0	4	7	3	0
Skool C - M	10	0	5	0	11	0	4	0	11	4	0	0
Skool C - V	7	0	8	0	3	4	8	0	4	6	3	0
Totale - M	35	0	10	0	19	7	19	0	15	21	7	0
% - M	78%	0%	22%	0%	42%	16%	42%	0%	35%	49%	16%	0%
Totale - V	31	0	14	0	9	14	22	0	10	23	9	0
% - V	69%	0%	31%	0%	20%	31%	49%	0%	24%	55%	21%	0%
Totale	66	0	24	0	28	21	41	0	25	44	16	0
% - Beide	73%	0%	27%	0%	31%	23%	46%	0%	29%	52%	19%	0%

### Vraag 3.1.9 Jou vriende op skool

Die invloed van Engels op beide die manlike- en vroulike respondente kan duidelik waargeneem word. Uit die data blyk dit dat die manlike- sowel as die vroulike respondente van skole A (33%) en C (43%), ten spyte van hul Afrikaanse moedertaal en die Afrikaanse grondslag van hulle skole, nie net Afrikaans met hul skoolvriende praat nie. Die respondente van skool C se respons kan moontlik verklaar word teen die agtergrond van die feit dat dit 'n dubbelmedium skool is. Daar is voorts ook 'n opmerklike verskil tussen die respons van die manlike respondente van skole A en C en dié van skool B. By skole A en C praat ongeveer 67% van die manlike respondente net Afrikaans, teenoor die 100%

van skool B. Daar is ook opmerkbare verskille tussen die vroulike respondente van die drie verskillende skole. Die data toon dat 93% van skool C se vroulike respondente Afrikaans met hul vriende op skool praat, teenoor 67% van skool A se vroulike respondente en 47% van skool B se vroulike respondente.

Wanneer die respons van die respondente van skool B (sien vraag 3.1.9), met die gespreksituasie in die gesinsdomein (sien vraag 2.5), vergelyk word, kom daar 'n interessante verskil voor. Hierdie respondente praat meer Afrikaans in die skooldomein, as in die gesinsdomein.

### **Vraag 3.1.10 Jou vriende buite die skool**

Die data toon dat 46% van die respondente (manlike en vroulik) Afrikaans en Engels met vriende buite die skool praat, terwyl 23% vriende het wat net Engelssprekend is. Hierteenoor praat 'n verbasend lae persentasie (slegs 31%) van die respondente (manlik en vroulik), net Afrikaans met vriende buite die skool.

Uit die data is dit opmerklik dat meer vroulike respondente (31%), Engelse vriende buite die skool het, as die manlike respondente. Slegs 16% van die manlike respondente het vriende wat net Engelssprekend is, buite die skool. Dit is interessant om daarop te let dat die manlike respondente van skool C se respons aansienlik verskil van dié van die ander skole se manlike respondente. Uit die data blyk dit dat 73% van skool C se manlike respondente net Afrikaans met hul vriende buite die skool praat, in vergelyking met skool A (33%) en skool B (20%). Dit is opmerklik dat slegs 20% van al die vroulike respondente net Afrikaans met hulle vriende buite die skool praat. Slegs 7% van skool A se vroulike respondente praat net Afrikaans met vriende buite die skool, teenoor 33% van skool B se vroulike respondente en 20% van skool C se vroulike respondente. Uit die data blyk dit dat die meerderheid respondente (manlik en vroulik) nie net Afrikaanse vriende buite die skool het nie en dat die gebruikstaal dan Engels is. Die sosiale domein van hierdie respondente word baie duidelik deur Engels beïnvloed.

### **Vraag 3.1.11 Jou bure**

Die omgewing waar die respondente woon, beïnvloed ongetwyfeld die taal wat deur die respondente gebruik word. Uit die data blyk dit dat die meerderheid van die respondente Engelse bure het (52%). Slegs 29% van die respondente het Afrikaanse bure. Dit moet

beslis 'n invloed uitoefen op die respondente se taalhandhawing. Dit wil voorkom asof die manlike respondente van skool C in 'n meer Afrikaanse omgewing woon, want 73% van hierdie respondente praat Afrikaans met hul bure.

### Data (Tabel 8)

	3.1.12				3.1.13				3.1.14			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	1	13	1	0	2	11	2	0	9	5	1	0
Skool A - V	0	11	4	0	0	11	4	0	5	5	2	0
Skool B - M	1	10	4	0	1	7	7	0	7	4	1	0
Skool B - V	1	12	2	0	1	13	1	0	5	9	1	0
Skool C - M	2	12	1	0	4	7	4	0	9	4	1	0
Skool C - V	2	11	2	0	2	7	6	0	7	4	2	0
Totale - M	4	35	6	0	7	25	13	0	25	13	3	0
% - M	9%	78%	13%	0%	16%	56%	29%	0%	61%	32%	7%	0%
Totale - V	3	34	8	0	3	31	11	0	17	18	5	0
% - V	7%	76%	18%	0%	7%	69%	24%	0%	43%	45%	12%	0%
Totale	7	69	14	0	10	56	24	0	42	31	8	0
% - Beide	8%	77%	16%	0%	11%	62%	27%	0%	52%	38%	10%	0%

### Vraag 3.1.12 Winkelassistente

Die data toon dat die oorgrote meerderheid van die respondente Engels beskou as die taal wat in die sakewêreld gebruik moet word. Uit die data blyk dit dat 77% van die respondente (manlik en vroulik) net Engels in hierdie domein gebruik. Slegs 8% van al die respondente gebruik net Afrikaans in hierdie domein, terwyl 16% Afrikaans en Engels gebruik. Daar is nie opvallende verskille tussen die twee geslagte of die verskillende skole nie.

### Vraag 3.1.13 Vreemdelinge

Uit die data wil dit voorkom asof die respondente die afleiding maak dat vreemdelinge wat hulle ontmoet, Engelssprekend is. Die meerderheid van al die respondente (62%) spreek vreemdelinge in Engels aan. Slegs 11% van die respondente sal vreemdelinge in Afrikaans aanspreek. Daar is 'n persentasie (27%) van die respondente wat Afrikaans of Engels sal gebruik, afhangende van die situasie. By skole A en C is daar nie veel verskil tussen die respons van die manlike- en die vroulike respondente nie. By skool B is daar 'n opvallende verskil in respons tussen die twee geslagte. Die data toon dat 87% van die

vroulike respondente vreemdelinge in Engels sal aanspreek, teenoor 47% van die manlike respondente.

### Vraag 3.1.14 Die huishulp

Uit die data blyk dit dat meer manlike respondente (61%), Afrikaans met die huishulp praat as vroulike respondente (43%). Afrikaans en Engels word deur 10% van die respondente gepraat. Die respons van die vroulike respondente van skool B, verskil soos in vraag 3.1.13 weer aansienlik van dié van die ander skole. Hierdie respondente verkies baie duidelik Engels as gespreksmedium, bo hul moedertaal. Daar bestaan egter die moontlikheid dat die huishulp Engelssprekend is.

**Vraag 3.2** handel oor watter taal die respondent in verskillende situasies *verkies*. Die volgende vraag is gevra: **Watter taal verkies jy in die volgende situasies? Indien jy nie Afrikaans verkies nie, verskaf asseblief 'n rede/redes.**

**Data (Tabel 9)**

	321				322				323			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	0	12	3	0	0	15	0	0	0	14	1	0
Skool A - V	0	12	3	0	1	12	2	0	0	11	4	0
Skool B - M	1	11	3	0	2	10	3	0	2	8	5	0
Skool B - V	0	14	1	0	0	14	1	0	1	10	4	0
Skool C - M	1	13	1	0	2	13	0	0	1	12	2	0
Skool C - V	1	11	3	0	0	15	0	0	1	7	7	0
Totale - M	2	36	7	0	4	38	3	0	3	34	8	0
% - M	4%	80%	16%	0%	9%	84%	7%	0%	7%	76%	18%	0%
Totale - V	1	37	7	0	1	41	3	0	2	28	15	0
% - V	2%	82%	16%	0%	2%	91%	7%	0%	4%	62%	33%	0%
Totale	3	73	14	0	5	79	6	0	5	62	23	0
% - Beide	3%	81%	16%	0%	6%	88%	7%	0%	6%	69%	26%	0%

### Vraag 3.2.1 Wanneer jy na musiek met liriek (woorde) luister

'n Oorweldigende persentasie respondente (81%) verkies musiek met Engelse liriek. Slegs 3% van die respondente verkies musiek met Afrikaanse liriek. Volgens die Pearson Chikwadrat toets kom daar geen statisties beduidende verskille tussen die geslagte of die drie skole voor nie.

Die respondente voer die volgende redes aan vir hul voorkeur van musiek met Engelse liriek:

- Afrikaanse musiek is swak
- Afrikaanse liriek is soetsappig
- Afrikaanse liedjies is vervelig
- Afrikaanse liedjies is outyds
- Engelse liriek is meer beskrywend

### **Vraag 3.2.2 Wanneer jy na die radio luister**

Uit die data blyk dit baie duidelik dat die oorgrote meerderheid respondente (manlik en vroulik) verkies om na Engelse radiostasies te luister (88%). 'n Baie groot persentasie vroulike respondente (91%) verkies Engels. Alhoewel die persentasies laag is, verkies meer manlike respondente (9%) Afrikaanse radiostasies as vroulike respondente (2%). In beide skole B en C, is daar nie 'n enkele vroulike respondent wat Afrikaans verkies nie. Daar is 'n klein persentasie (7%) respondente wat aangetoon het, dat hulle na Afrikaanse en Engelse radiostasies luister. Volgens die Pearson Chikwadraat toets is die verskille tussen die twee geslagte, asook die verskillende skole, nie statisties beduidend nie.

Die redes wat aangevoer word vir die voorkeur van Engelse radiostasies, is die volgende:

- Afrikaanse radiostasies speel nie my tipe musiek nie
- Afrikaanse geselsprogramme is vervelig
- Afrikaanse programme is swak
- Die Engelse programme is interessanter
- Engelse radioprogramme is meer gerig op ons ouderdomsgroep
- Afrikaanse radiostasies is vir oumense

### **Vraag 3.2.3 Wanneer jy televisie kyk**

Alhoewel daar 'n groot persentasie respondente (manlik en vroulik) is wat Engelse televisieprogramme verkies (69%), is dit heelwat laer as die respondente se keuses van radiostasies in vraag 3.2.2. Slegs 6% van die respondente (manlik en vroulik) verkies Afrikaanse televisie. Nie 'n enkele respondent van skool A verkies Afrikaanse televisieprogramme nie. Dit blyk uit die data dat meer manlike respondente (76%), Engelse televisieprogramme verkies as vroulike respondente (62%). Dit is ook opmerklik dat ongeveer 93% van skool A se manlike respondente Engelse televisie verkies, in vergeleke

met skool B se manlike respondente (53%). Skool C se manlike respondente se voorkeur vir Engels is ook baie hoog (80%). Dit is interessant om daarop te let dat slegs 47% van skool C se vroulike respondente net Engelse televisieprogramme verkies, in vergelyke met 70% van skole A en B se vroulike respondente. 'n Redelike groep vroulike respondente (33%) het aangetoon dat hulle Engelse- sowel as Afrikaanse televisieprogramme verkies, afhangende van die program. In teenstelling hiermee, verkies slegs 18% van die manlike respondente Afrikaanse- en Engelse televisieprogramme. Die verskille tussen die twee geslagte, asook die verskillende skole, is volgens die Pearson Chikwadraat toets, nie statisties beduidend nie.

Die respondente het die volgende redes aangevoer vir hulle keuses:

- Engelse TV help om my Engelse woordeskat te verbeter
- Engelse programme is beter
- Daar is nie genoeg sport in Afrikaans nie
- Afrikaanse programme is oor die algemeen swak
- Daar is 'n groter keuse van Engelse programme
- Daar is min goeie Afrikaanse programme
- Té veel heruitsendings van Afrikaanse programme

**Data (Tabel 10)**

	3.2.4				3.2.5				3.2.6			
	A	E	A/E	L/N	A	E	A/E	L/N	A	E	A/E	L/N
Skool A - M	1	11	2	1	3	9	2	1	10	3	1	1
Skool A - V	2	10	3	0	3	7	5	0	9	1	5	0
Skool B - M	4	3	6	2	6	1	8	0	7	2	5	1
Skool B - V	4	3	8	0	4	4	7	0	9	1	4	1
Skool C - M	8	1	4	2	8	5	2	0	10	2	1	2
Skool C - V	7	3	5	0	5	4	6	0	8	3	3	1
Totale - M	13	15	12	5	17	15	12	1	27	7	7	4
% - M	29%	33%	27%	11%	38%	33%	27%	2%	60%	16%	16%	9%
Totale - V	13	16	16	0	12	15	18	0	26	5	12	2
% - V	29%	36%	36%	0%	27%	33%	40%	0%	49%	9%	23%	4%
Totale	26	31	28	5	29	30	30	1	53	12	19	6
% - Beide	29%	34%	31%	6%	32%	33%	33%	1%	59%	13%	21%	7%

### Vraag 3.2.4 Wanneer jy boeke lees

Op die oog af blyk dit uit die data dat die respondente (manlik en vroulik) nie 'n groot voorkeur vir 'n spesifieke taal het, wanneer hulle boeke lees nie. Die persentasie wat

Engels verkies (34%) is effens hoër as dié wat Afrikaans verkies (29%). Meer vroulike respondente (36%) as manlike respondente (27%) verkies om Afrikaans en Engels te lees. Die data is volgens die Pearson Chikwadraat toets nie statisties beduidend nie. Dit is interessant om daarop te let dat 11% van die manlike respondente aangetoon het dat hulle nie boeke lees nie. In teenstelling hiermee, lees al die vroulike respondente.

Wanneer die respons van die verskillende skole individueel ontleed word, is die verskil in respons aansienlik. Slegs 10% van skool A se respondente (manlik en vroulik) verkies om slegs Afrikaanse boeke te lees. Die data toon dat ongeveer 70% van skool B se respondente Afrikaanse boeke verkies. Hierteenoor verkies 50% van skool C se respondente (manlik en vroulik) om net Afrikaanse boeke te lees. 'n Groot persentasie respondente van skool A (70%) verkies net Engelse boeke, teenoor die 13% van skool C se respondente en 27% van skool B se respondente. Daar bestaan volgens die Pearson Chikwadraat toets aanduidings dat daar moontlik verskille tussen die drie skole mag voorkom, indien die steekproef groter is.

Nie al die respondente het redes verskaf vir hulle taalvoorkeure in hierdie verband nie. Van die respondente wat Engels verkies het, het die volgende redes aangevoer:

- Om my woordeskat te verbeter
- Engels bied 'n groter verskeidenheid
- Engelse boeke is interessanter

### **Vraag 3.2.5 Wanneer jy tydskrifte lees**

Slegs 32% van die respondente verkies Afrikaans wanneer hulle tydskrifte lees. Die data toon dat meer manlike respondente (38%), as vroulike respondente (27%), net Afrikaanse tydskrifte verkies. Dit is opvallend dat die meerderheid respondente van skool A, slegs Engelse tydskrifte verkies (53%), in vergelyking met skool B (17%) en skool C (30%). Die rede hiervoor is moontlik geleë in die feit dat goeie oorsese Engelse tydskrifte duur is en dus makliker binne bereik van skool A se respondente is.

Wanneer dit by die lees van Engelse tydskrifte kom, blyk dit uit die data dat daar feitlik geen verskil tussen die geslagte is nie. In teenstelling met die lees van boeke, lees feitlik al die respondente (manlik en vroulik), met die uitsondering van 2% manlike respondente, tydskrifte. Meer vroulike respondente (40%), as manlike respondente (27%), verkies



Engelse en Afrikaanse tydskrifte. Die data toon dat meer respondente Afrikaanse tydskrifte verkies (38%) as Afrikaanse boeke (29%). Volgens die Pearson Chikwadraat toets is die verskille ten opsigte van geslag en tussen die drie skole, weens die grootte van die steekproef, nie statisties beduidend nie.

Nie al die respondente het redes vir hulle keuses verskaf nie. Van die redes wat gegee is, is die volgende:

- Ek lees Afrikaanse tydskrifte, want my ma koop net Afrikaanse tydskrifte
- Afrikaanse tydskrifte vir dames is “ou vrou”
- Daar is nie tienertydskrifte in Afrikaans nie
- Engelse tydskrifte is interessanter

### **Vraag 3.2.6 Wanneer jy koerante lees**

Uit die data blyk dit dat die meerderheid respondente (manlik en vroulik), verkies om Afrikaanse koerante te lees (59%). Opvallend meer vroulike respondente (27%) as manlike respondente (16%), lees Afrikaanse en Engelse koerante. Sommige van die respondente, manlik (9%) en vroulik (4%), lees glad nie koerant nie. Volgens die Pearson Chikwadraat toets kom daar nie statisties beduidende verskille tussen die twee geslagte of tussen die drie skole voor nie.

Die volgende rede wat ‘n groot aantal respondente verskaf het, dien moontlik as verklaring waarom die respondente meer Afrikaanse- as Engelse koerante lees:

- Ek koop nie koerante nie. Ek lees die koerant wat my ouers koop.

Die feit dat 59% van die respondente ‘n Afrikaanse koerant lees, is dus nie noodwendig ‘n aanduiding van hul eie taalvoorkeur nie, maar eerder dié van hul ouers.

**Vraag 3.3** handel oor die tale wat in verskillende situasies gebruik word. Die volgende vraag is gevra: **Watter taal /tale gebruik jy in die volgende situasies?**

**Data (Tabel 11)**

	3.3.1				3.3.2				3.3.3			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	12	2	1	0	7	2	6	0	10	3	2	0
Skool A - V	8	2	5	0	9	4	2	0	6	5	3	1
Skool B - M	12	0	3	0	9	5	1	0	6	5	4	0
Skool B - V	12	0	3	0	10	1	4	0	9	5	1	0
Skool C - M	10	0	5	0	8	2	5	0	9	1	4	0
Skool C - V	11	0	4	0	8	2	5	0	4	5	6	0
Totale - M	34	2	9	0	24	9	12	0	25	9	10	0
% - M	76%	4%	20%	0%	53%	20%	27%	0%	56%	20%	22%	0%
Totale - V	31	2	12	0	27	7	11	0	19	15	10	1
% - V	69%	4%	27%	0%	60%	16%	24%	0%	42%	34%	22%	2%
Totale	65	4	21	0	51	16	23	0	44	24	20	1
% - Beide	72%	4%	23%	0%	57%	18%	26%	0%	49%	27%	22%	1%

### **Vraag 3.3.1 Wanneer jy instruksies gee**

Uit die data blyk dit dat die respondente oor die algemeen Afrikaans verkies wanneer hulle instruksies gee (72%). Dit is opmerklik dat die vroulike respondente meer geneig is om Engels en Afrikaans te gebruik (27%), as die manlike respondente (20%).

### **Vraag 3.3.2 Wanneer jy woede uitdruk**

Die data toon dat slegs ongeveer 57% van die respondente net Afrikaans gebruik, wanneer hul woede uitdruk. Die persentasie is egter aansienlik laer as vir vraag 3.3.1. Dit blyk dat veral die manlike respondente (53%), minder geneig is om net Afrikaans te gebruik, teenoor 60% van die vroulike respondente. Dit wil voorkom dat sodra daar emosie betrokke is, die respondente meer geneig is om ook ander tale te gebruik, wat moontlik volgens hulle, beter uitdrukking gee aan hulle gevoelens.

### **Vraag 3.3.3 Wanneer jy liefde uitdruk**

Die data toon dat 49% van al die respondente (manlik en vroulik), Afrikaans gebruik wanneer hulle liefde uitdruk. Daar is 'n opvallende verskil tussen die respons van die manlike- en vroulike respondente. Slegs 42% van die vroulike respondente gebruik net Afrikaans om liefde uitdruk, teenoor 56% van die manlike respondente. Daar is voorts ook 'n aansienlike verskil in die gebruik van Engels tussen die twee geslagte. Dit blyk dat die vroulike respondente (34%), meer geneig is om net Engels te gebruik, teenoor 20% van die

manlike respondente. Uit die data blyk dit voorts dat vroulike respondente meer geneig is om liefde (34%) as woede (16%), in Engels uit te druk. Die manlike respondente se gebruik van Engels bly konstant op 20% (sien vraag 3.3.2).

Wanneer die respons op die twee emosies verder ontleed word, blyk dit dat slegs 42% van die vroulike respondente Afrikaans gebruik om liefde uit te druk, teenoor 60% wanneer hulle woede uitdruk. By manlike respondente daarenteen, kom daar nie 'n groot verskil in respons tussen die twee emosies voor nie.

### Data (Tabel 12)

	3.3.4				3.3.5				3.3.6			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	14	0	1	0	10	1	3	0	12	1	2	0
Skool A - V	13	1	1	0	12	2	1	0	13	1	1	0
Skool B - M	11	3	1	0	12	2	1	0	12	2	1	0
Skool B - V	15	0	0	0	13	0	2	0	14	1	0	0
Skool C - M	14	1	0	0	12	0	3	0	14	0	1	0
Skool C - V	15	0	0	0	12	0	0	0	10	1	4	0
Totale - M	39	4	2	0	34	3	7	0	38	3	4	0
% - M	87%	9%	4%	0%	77%	7%	16%	0%	84%	7%	9%	0%
Totale - V	43	1	1	0	37	2	3	0	37	3	5	0
% - V	96%	2%	2%	0%	88%	5%	7%	0%	82%	7%	11%	0%
Totale	82	5	3	0	71	5	10	0	75	6	9	0
% - Beide	91%	6%	3%	0%	82%	6%	12%	0%	83%	7%	10%	0%

### Vraag 3.3.4 Wanneer jy bid

Die meerderheid van die respondente (91%), het aangetoon dat hulle in hulle moedertaal bid. Daar is volgens die data ook 'n opmerklieke verskil tussen die manlike- en vroulike respondente. Uit die respons op vraag 2.4, blyk dit dat Afrikaans die taal is wat die meeste deur die manlike respondente in die huis gepraat word (98%). Hierteenoor bid slegs 87% van die manlike respondente in Afrikaans. Die respons van die vroulike respondente (vraag 2.4), is egter dieselfde, naamlik 96%. Waar die vroulike respondente oor die algemeen in ander taalgebruikssituasies minder geneig is om Afrikaans te gebruik as die manlike respondente, is die teenoorgestelde hier die geval.

### Vraag 3.3.5 Wanneer jy met jouself praat

Drie respondente (1 manlik en 2 vroulik), het aangetoon dat hulle nie met hulself praat nie. Die data toon dat ongeveer 82% van die respondente (manlik en vroulik), wat die vraag beantwoord het, met hulself in Afrikaans praat. Dit is opmerklik dat dit meer die geval met

vroulike respondente (88%), as manlike respondente (77%) is. Die invloed van Engels op die respondente se gedagtes en denkpatrone, is hier ook duidelik waarneembaar.

### Vraag 3.3.6 Wanneer jy dink

Uit die data blyk dit dat slegs 83% van al die respondente in hul moedertaal dink. Hierdie data is in ooreenstemming met vraag 3.3.5, waar 82% van die respondente aangetoon het dat hulle met hulself in Afrikaans praat. Ongeveer 10% van die respondente dink in Engels en Afrikaans, terwyl 7% net in Engels dink. Daar is nie 'n noemenswaardige verskil in respons tussen die manlike- en vroulike respondente nie. Dit is egter opmerklik dat slegs 67% van die vroulike respondente van skool C in Afrikaans dink, teenoor 87% van skool A en 93% van skool B se vroulike respondente. Die invloed van Engels is hier duidelik te bespeur.

### Data (Tabel 13)

	3.3.7				3.3.8				3.3.9			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	12	1	2	0	4	2	9	0	6	6	3	0
Skool A - V	8	3	4	0	4	0	11	0	3	3	9	0
Skool B - M	9	2	4	0	7	3	5	0	1	6	8	0
Skool B - V	11	2	2	0	4	4	7	0	2	7	6	0
Skool C - M	13	0	2	0	4	3	8	0	5	3	7	0
Skool C - V	10	1	4	0	3	1	11	0	2	7	6	0
Totale - M	34	3	8	0	15	8	22	0	12	15	18	0
% - M	76%	7%	17%	0%	33%	18%	49%	0%	27%	33%	40%	0%
Totale - V	29	6	10	0	11	5	29	0	7	17	21	0
% - V	65%	13%	22%	0%	21%	10%	56%	0%	16%	38%	46%	0%
Totale	63	9	18	0	26	13	51	0	19	32	39	0
% - Beide	70%	10%	20%	0%	29%	14%	57%	0%	21%	36%	43%	0%

### Vraag 3.3.7 Wanneer jy droom

Uit die data blyk 'n interessante verskil tussen die respons van die manlike- en dié van die vroulike respondente. Meer manlike respondente (76%), as vroulike respondente (65%) droom net in Afrikaans. In vergeleke met vrae 3.3.4, 3.3.5 en 3.3.6, is hierdie persentasie relatief laag. Volgens die data droom 13% vroulike respondente in Engels, terwyl 22% in Afrikaans en Engels droom. Daar is nie 'n noemenswaardige verskil in respons tussen die skole nie.

### Vraag 3.3.8 Wanneer jy 'n grap vertel

Die invloed van Engels op hierdie domein, is baie groot. Uit die data blyk dit dat slegs 29% van die respondente (manlik en vroulik) net Afrikaans gebruik wanneer hulle 'n grap vertel. Aanmerklik meer manlike- (33%) as vroulike respondente (24%) gebruik net Afrikaans wanneer hulle 'n grap vertel. By beide geslagte is die gebruik van slegs Afrikaans baie laag. Die meerderheid respondente (57%), gebruik Afrikaans en Engels wanneer hulle 'n grap vertel. 'n Beduidende persentasie van 14% van die respondente gebruik slegs Engels om 'n grap te vertel.

### Vraag 3.3.9 Wanneer jy E-pos skryf

Die data toon dat slegs 21% van die respondente net Afrikaans gebruik wanneer hulle E-pos stuur. Hierdie respons volg die patroon van vraag 3.3.8, waar slegs 29% van die respondente aangetoon het dat hulle net Afrikaans gebruik wanneer hulle 'n grap vertel. Meer respondente gebruik slegs Engels (36%) as Afrikaans (21%). Die meerderheid respondente (43%), gebruik Afrikaans en Engels. Meer manlike respondente (27%) as vroulike respondente (16%) skryf net in Afrikaans. Die manlike respondente in skool A gebruik die meeste Afrikaans (40%). Die data toon dat 33% van skool C se manlike respondente Afrikaans gebruik. Hierteenoor gebruik slegs 7% van skool B se manlike respondente net Afrikaans.

### Data (Tabel 14)

	3.3.10				3.3.11				3.3.12			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	5	4	6	0	7	1	7	0	3	11	1	0
Skool A - V	6	2	7	0	5	2	8	0	1	9	5	0
Skool B - M	3	6	6	0	6	5	4	0	1	11	3	0
Skool B - V	2	5	8	0	6	3	6	0	1	7	7	0
Skool C - M	6	1	8	0	11	0	4	0	6	2	7	0
Skool C - V	1	3	11	0	4	3	8	0	6	6	3	0
Totale - M	14	11	20	0	24	6	15	0	10	24	11	0
% - M	31%	24%	45%	0%	53%	13%	34%	0%	22%	53%	25%	0%
Totale - V	9	10	26	0	15	8	22	0	8	22	15	0
% - V	20%	22%	58%	0%	33%	18%	49%	0%	18%	49%	33%	0%
Totale	23	21	46	0	39	14	37	0	18	46	26	0
% - Beide	26%	23%	51%	0%	43%	16%	41%	0%	20%	51%	29%	0%

### **Vraag 3.3.10 Wanneer jy 'n SMS stuur**

Dit blyk dat slegs 26% van die respondente net Afrikaans gebruik. Uit die data blyk dit voorts dat meer manlike respondente (31%), as vroulike respondente (20%), net Afrikaans gebruik om 'n SMS te stuur. Hierdie data is in ooreenstemming met vraag 3.3.9, wat handel oor Epos. Dit is opmerklik dat meer vroulike respondente (58%), Afrikaans en Engels gebruik, as manlike respondente (45%). Die vroulike respondente in skool A (40%), se respons verskil aanmerklik van dié van die vroulike respondente in skool B (13%), en dié van skool C (7%). Uit die data blyk dit dat meer respondente van skool A (37%) net Afrikaans gebruik om 'n SMS te stuur, as die respondente van skool B (17%) en skool C (23%).

### **Vraag 3.3.11 Wanneer jy sosiaal verkeer**

Slegs 43% van die respondente gebruik net Afrikaans wanneer hulle sosiaal verkeer. Die data toon 'n opmerklike verskil tussen die respons van die manlike- en die vroulike respondente. Volgens die data gebruik veel meer manlike respondente (53%), as vroulike respondente (33%) net Afrikaans wanneer hulle sosiaal verkeer. Wanneer daar na die respons van die manlike respondente van die verskillende skole gekyk word, kom daar opmerklike verskille voor. Die data toon dat 73% van skool C se manlik respondente net Afrikaans gebruik, in teenstelling met 47% van skool A se manlike respondente en 40% van skool B se manlike respondente. Die vroulike respondente gebruik oor die algemeen meer Afrikaans en Engels (49%), as die manlike respondente (34%). Die data in vrae 3.3.10, 3.3.11 dui op 'n beduidende skuif weg van Afrikaans af. In nie een van hierdie situasies was daar enige druk om Engels te gebruik nie.

### **Vraag 3.3.12 Wanneer jy aan buitemuurse aktiwiteite deelneem wat nie deur die skool aangebied word nie**

Uit die data blyk dit dat slegs 22% van die manlike respondente en 18% van die vroulike respondente net Afrikaans vir hierdie aktiwiteite gebruik. Baie min van die respondente in skool A (13%) en skool B (6%), gebruik net Afrikaans. In teenstelling hiermee, gebruik 40% van skool C se respondente (manlik en vroulik) net Afrikaans. Die meerderheid van die respondente (51%), gebruik Engels wanneer hulle hierdie aktiwiteite beoefen. Dit blyk dat 29% van die respondente Afrikaans en Engels gebruik. Die data toon baie duidelik dat Engels hierdie domein oorheers.

**Data (Tabel 15)**

	3.4		3.5				3.6	
	Ja	Nee	N	Sel	Soms	Ger	AE	A/Ander
Skool A - M	4	11	0	1	9	5	15	0
Skool A - V	5	10	0	1	8	6	12	3
Skool B - M	5	10	0	4	7	4	15	0
Skool B - V	4	11	0	2	7	6	15	0
Skool C - M	1	14	0	1	9	5	15	0
Skool C - V	1	14	0	1	4	10	15	0
Totale - M	10	35	0	6	25	14	45	0
% - M	22%	78%	0%	13%	56%	31%	100%	0%
Totale - V	10	35	0	4	19	22	42	3
% - V	22%	78%	0%	9%	42%	49%	93%	7%
Totale	20	70	0	10	44	36	87	3
% - Beide	22%	78%	0%	11%	49%	40%	97%	3%

### **Vraag 3.4 Is daar sekere onderwerpe wat jy moeilik vind om in Afrikaans oor te praat?**

Die meerderheid van die respondente (78%) het geen probleem om hulle in enige onderwerp in Afrikaans uit te druk nie. Daar kom geen beduidende verskil in respons tussen die verskillende geslagte voor nie. Daar kom wel 'n verskil in respons tussen die verskillende skole voor. Dit blyk dat 70% van skole A en B se respondente geen probleme ondervind nie. Die data toon voorts dat 93% van skool C se respondente geen probleme ondervind nie. Dit is egter beduidend dat 22% van die respondente (manlik, sowel as vroulik), dit wel moeilik vind om in Afrikaans oor sekere onderwerpe te praat. Van die respondente het die opmerking gemaak dat hulle vir sekere onderwerpe, soos byvoorbeeld rekenaars en branderplankry, nie oor die Afrikaanse terminologie beskik nie.

### **Vraag 3.5 Meng jy ooit jou tale wanneer jy met iemand anders praat?**

Uit die data blyk dit dat die meerderheid van die respondente nie 'n suiwer Afrikaans praat nie. Al die respondente het aangetoon dat hulle wel hulle tale meng. Slegs 11% van die respondente meng selde hulle tale. 'n Beduidende persentasie van die respondente (40%), het aangetoon dat hulle gereeld hulle tale meng. Die data toon dat 49% van die respondente soms hulle tale meng. Die totaal van 89% vir hierdie twee kategorieë is beduidend. Dit is opvallend dat meer vroulike respondente (49%), as manlike respondente (31%), te kenne gegee het dat hulle gereeld hulle tale meng. Die data toon in hierdie verband, dat veral

skool C se vroulike respondente gereeld hulle tale meng (67%). Hierdie data word ondersteun deur die respons van al drie die leerkrigte van die verskillende skole.

### Vraag 3.6 Indien jy wel jou tale meng, noem die tale.

Volgens die data meng die oorgrote meerderheid (93%) van al die respondente, Afrikaans en Engels. Daar is enkeles wat Afrikaans met 'n ander taal, naamlik Duits meng (7%). Slegs die vroulike respondente van skool A het hierdie vermenging aangetoon. Hierdie data is te verstane, gesien in die lig dat dit die enigste skool is wat 'n derde taal aanbied (vergelyk vraag 2.6).

### Data (Tabel 16)

	3.7				3.8				3.9			
	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander	A	E	A/E	Ander
Skool A - M	12	3	0	0	7	8	0	0	4	9	0	2
Skool A - V	14	1	0	0	11	4	0	0	2	9	0	4
Skool B - M	11	3	1	0	11	4	0	0	2	8	0	5
Skool B - V	13	1	1	0	11	3	1	0	1	6	2	6
Skool C - M	13	0	2	0	12	0	3	0	1	10	1	0
Skool C - V	14	0	1	0	11	3	1	0	1	14	0	0
Totale - M	36	6	3	0	30	12	3	0	7	27	1	7
% - M	80%	13%	7%	0%	67%	26%	7%	0%	17%	64%	2%	17%
Totale - V	41	2	2	0	33	10	2	0	4	29	2	10
% - V	92%	4%	4%	0%	74%	22%	4%	0%	9%	65%	4%	22%
Totale	77	8	5	0	63	22	5	0	11	56	3	17
% - Beide	86%	9%	6%	0%	70%	24%	6%	0%	13%	64%	3%	20%

### Vraag 3.7 Watter taal praat jy die beste?

Die oorgrote meerderheid van die respondente het aangetoon dat hulle Afrikaans die beste praat (86%). Meer vroulike- (92%) as manlike respondente (80%) het aangetoon dat hulle Afrikaans die beste praat. Hierdie statistiek is interessant, gesien in die lig dat al die respondente se moedertaal Afrikaans is (vergelyk vraag 2.3). Daar kom nie 'n noemenswaardige verskil in respons tussen die verskillende skole voor nie.

### Vraag 3.8 Watter taal skryf jy die beste?

Volgens die data skryf 70% van al die respondente Afrikaans die beste. Dit blyk ook dat ongeveer 24% van die respondente van mening is dat hulle Engels beter skryf. Hierdie statistiek is redelik verrassend, omdat die respondente se moedertaal Afrikaans is. Hierdie



data toon 'n ooreenkoms met vraag 3.3.10, waar 23% van die respondente aangetoon het dat hulle Engels verkies, wanneer hulle 'n SMS stuur. Wanneer hierdie data met vraag 3.7 vergelyk word, is dit opmerklik dat veel minder respondente van mening is dat hulle Afrikaans die beste skryf (86% teenoor 70%). 'n Klein persentasie (6%), toon aan dat hulle Engels en Afrikaans ewe goed skryf. Dit is opvallend dat skool A se manlike respondente heeltemal 'n ander respons as die ander respondente gegee het. Die data toon dat 53% van hierdie respondente van mening is dat hulle Engels beter skryf as Afrikaans, in teenstelling met 13% van die manlike respondente in skole B en C.

### **3.9 In watter taal/tale wil jy jou taalvaardighede verbeter? Gee asseblief 'n rede/redes vir jou antwoord.**

Drie van die respondente het nie hierdie vraag beantwoord nie. Die data toon dat die meerderheid respondente (manlik en vroulik), hulle vaardighede in Engels wil verbeter (64%). Uit die data blyk dit dat die respondente beslis van mening is dat dit belangrik is om Engels taalvaardig te wees. Slegs 13% van die respondente het aangetoon dat hulle hul vaardighede in Afrikaans wil verbeter. Hierteenoor wil 20% van die respondente hul vaardighede in ander tale verbeter. Dit is opmerklik dat daar by skole A (30%) en B (37%), 'n groter behoefte aan die verbetering van vaardighede in derde tale voorkom. In teenstelling hiermee, het geen respondent by skool C aangetoon dat hulle hul taalvaardighede in 'n ander taal wil verbeter nie. Die verskille tussen die twee geslagte en die drie skole, kan volgens die Pearson Chikwadraat toets nie as statisties beduidend beskou word nie.

Die respondente het die volgende redes aangevoer waarom hulle hul Engels wil verbeter:

- Engels is belangrik, want dit is 'n wêreldtaal
- Die besigheidswêreld is Engels
- Alles in die land is Engels
- My Engels is nie goed genoeg nie
- Ek wil oorsee studeer
- Sonder Engels kry jy nie 'n werk nie
- Die meeste mense in Suid-Afrika praat Engels
- My Afrikaans is goed, dit is belangriker dat ek my Engels verbeter

Respondente wat hul vaardighede in ander tale wil verbeter, het onder andere aangevoer:

- Dit is belangrik om 'n Afrikataal te ken om met ander te kan kommunikeer
- Ek wil my kind in 'n derde taal ook grootmaak
- Hoe meer tale 'n mens kan praat, hoe beter
- Dit kan jou help om oorsee werk te kry

Respondente wat hul vaardighede in Afrikaans wil verbeter, het die volgende redes aangevoer:

- My woordeskat is nie so goed nie
- Dit is belangrik om jou taal suiwer te praat
- My punte is nie so goed nie
- Afrikaans is my moedertaal

Die respons van die respondente is nie heeltemal in ooreenstemming met dié van die leerkragte nie. Dit is beslis 'n aanduiding dat van die respondente die verkeerde persepsie omtrent hul taalvaardighede het. Slegs skool A se leerkrag is van mening dat die graad 12 leerders van daardie skool oor goeie mondelinge- en skriftelike taalvaardighede beskik. Die leerkrag van skool B is van mening dat die leerders se mondelinge taalvaardighede redelik is. Alhoewel daar leerders in skool B is wat oor uitstekende taalvaardighede beskik, word die leerders se skriftelike taalvaardighede oor die algemeen as swak beskou. Volgens die leerkrag van skool B, is sommige van die leerders nog op 'n graad 5 vlak. Skool C se leerkrag is van mening dat die leerders se mondelinge- en skriftelike taalvaardighede wissel tussen redelik en goed.

#### Data (Tabel 17)

	3.10			
	N	Sel	Soms	Ger
Skool A - M	2	5	5	3
Skool A - V	0	1	7	7
Skool B - M	1	3	6	5
Skool B - V	1	2	10	2
Skool C - M	0	3	9	3
Skool C - V	1	2	6	6
Totale - M	3	11	20	11
% - M	7%	24%	45%	24%
Totale - V	2	5	23	15
% - V	5%	11%	51%	33%
Totale	5	16	43	26
% - Beide	5%	18%	48%	29%

### 3.10 Lees jy ooit vrywilliglik enige Afrikaanse boeke/tydskrifte?

Uit die data blyk dit dat die meerderheid van die respondente (71%), nie gereeld vrywilliglik enige Afrikaanse boeke lees nie. Slegs 29% van die respondente lees gereeld vrywilliglik. Die vroulike respondente (33%), blyk vrywilliger lesers te wees as die manlike respondente (24%). Die data toon dat 5% van die respondente nooit vrywilliglik lees nie. Hierdie data is in ooreenstemming met vraag 3.2.4, waar 6% van die respondente aangetoon het dat hulle nooit boeke lees nie. Hierdie data is ook in ooreenstemming met vraag 3.2.5 wat handel oor die lees van tydskrifte.

Hierdie respons van die respondente is in ooreenstemming met dié van die leerkragte. Die leerkragte by al drie skole is van mening dat die respondente traag is om te lees. Volgens die leerkragte speel visuele geletterdheid 'n groot rol. Die respondente is passief en kyk te veel TV, hoofsaaklik in Engels. Skool B se leerkrag is van mening dat die leerders te vroeg ophou met formele lees in die laerskool. Die leerders is traag om te lees, omdat hulle nie behoorlik kan lees nie. Die leerkrag van skool C, maak soos die leerkrag van skool B, melding van die leerders se gebrek aan woordeskat. Al die leerkragte is van mening dat die gebrek aan woordeskat te wyte is aan 'n traagheid om te lees.

### 9.3.4 Taal en onderwys

**Vraag 4** van die vraelys toets die respondente se taalhouding ten opsigte van taal en onderwys.

#### Data (Tabel 18)

	4.1										
	SL	Se	Sets	SiSw	TV	Xit	Afr	Eng	IN	IX	IZ
Skool A - M	0	3	2	0	0	0	13	13	0	1	7
Skool A - V	0	1	0	0	0	0	13	13	0	0	7
Skool B - M	0	1	0	0	0	0	10	12	0	1	5
Skool B - V	0	0	0	0	0	0	15	14	1	0	2
Skool C - M	0	0	0	0	0	0	15	13	0	0	2
Skool C - V	0	2	0	0	0	0	11	12	0	0	1
Totale - M	0	4	2	0	0	0	38	38	0	2	14
% - M	0%	9%	4%	0%	0%	0%	84%	84%	0%	4%	31%
Totale - V	0	3	0	0	0	0	39	39	1	0	10
% - V	0%	7%	0%	0%	0%	0%	87%	87%	2%	0%	22%
Totale	0	7	2	0	0	0	77	77	1	2	24
% - Beide	0%	8%	2%	0%	0%	0%	86%	86%	1%	2%	27%

#### 4.1 Watter amptelik taal/tale behoort by jou skool aangebied te word? Gee asseblief ‘n rede/redes vir jou antwoord.

Volgens die data is die meerderheid van die respondente van mening dat Afrikaans en Engels aangebied behoort te word. Ewe veel respondente (86%) het beide Afrikaans en Engels gekies. Hierdie respondente is van mening dat dit die tale is wat die meeste mense kan praat. ‘n Redelike persentasie (40%) van die respondente is ook van mening dat Afrikatale aangebied behoort te word. Die meerderheid van die respondente wat ten gunste van Afrikatale as vak is, kom uit skool A (67%). Die data toon dat daar ‘n aansienlike afname in belangstelling in Afrikatale by skool B (33%) is. Dit is opmerklik dat daar ‘n groter belangstelling onder die vroulike respondente (33%) in Afrikatale is, in vergelyking met die manlike respondente (13%). Daar is feitlik geen belangstelling by skool C in Afrikatale nie (16%). Daar is volgens die Pearson Chikwadraat toets geen statisties beduidende verskille tussen die twee geslagte, of die drie verskillende skole nie.

‘n Afrikataal word nie by een van die skole aangebied nie, alhoewel daar duidelik ‘n behoefte daarvoor bestaan. Die data toon dat 27% van die respondente van mening is dat isiZulu aangebied behoort te word. Daar was nie veel belangstelling in die ander Afrikatale nie. Respondente wat ten gunste van die aanbieding van Afrikatale is, voel dat dit belangrik is dat Afrikatale aangebied word, om beter kommunikasie tussen al die bevolkingsgroepe van die land te bewerkstellig.

#### Data (Tabel 19)

	4.2			4.3		4.4		4.5		4.6	
	A	E	Ander	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee
Skool A - M	2	13	0	13	2	12	3	6	9	7	8
Skool A - V	6	6	3	14	1	14	1	10	5	6	9
Skool B - M	9	3	0	13	2	13	2	11	4	6	9
Skool B - V	7	5	0	13	2	15	0	10	5	5	10
Skool C - M	9	6	0	12	3	14	1	8	7	6	9
Skool C - V	10	4	1	14	1	14	1	12	3	6	9
Totale - M	20	22	0	38	7	39	6	25	20	19	26
% - M	48%	52%	0%	84%	16%	87%	13%	56%	44%	42%	58%
Totale - V	23	15	4	41	4	43	2	32	13	17	28
% - V	55%	36%	9%	91%	9%	96%	4%	71%	29%	38%	62%
Totale	43	37	4	79	11	82	8	57	33	36	54
% - Beide	51%	44%	5%	88%	12%	91%	9%	63%	37%	40%	60%

#### **4.2 Indien jy die keuse het om net een amptelike taal as skoolvak te neem, watter amptelike taal sal jy kies? Gee asseblief 'n rede vir jou antwoord.**

Van die respondente het nie die vraag verstaan nie. Ten spyte van die feit dat die amptelike tale in vraag 4.1 gelys is, is tale soos Duits en Frans genoem. Op die oog af blyk dit uit die data dat die respondente Afrikaans (51%) bo Engels (44%) kies. 'n Geringe persentasie vroulike respondente (4%) kies ook Afrikatale. By nadere ondersoek is dit opvallend dat 86% van skool A se manlike respondente Engels kies, in teenstelling met 20% van skool B se manlike respondente en 40% van skool C se manlike respondente. Die respons van skool A se manlike respondente is in ooreenstemming met vraag 3.8, waar hierdie respondente van mening is dat hulle beter Engels skryf. Daar is volgens die Pearson Chikwadraat toets geen statisties beduidende verskille tussen die twee geslagte, of die drie verskillende skole nie.

Die respondente wat Engels as enigste amptelike taal kies, voer as redes vir hul keuse aan dat hulle oorsee wil gaan werk of studeer. Hulle is voorts van mening dat hulle Afrikaans kan praat en dat Engels die taal van die toekoms is. Die respondente wat Afrikaans as enigste amptelike taal as vak op skool kies, voer aan dat Afrikaans hul moedertaal is, daarom wil hulle dit neem. Die respondente wat een van die Afrikatale kies, voer aan dat hulle alreeds Engels en Afrikaans kan praat. Dit is volgens hierdie respondente noodsaaklik om in Suid-Afrika in 'n Afrikataal te kan kommunikeer.

#### **4.3 Dink jy enige taal behoort op hoërskool as vak aangebied te word?**

Volgens die data is die meerderheid van die respondente (88%) van mening dat 'n taal of tale wel as skoolvak(ke) aangebied behoort te word. Daar kom geen noemenswaardige verskil in respons tussen die manlike- en die vroulike respondente voor nie. Daar is ook geen noemenswaardige verskil in respons tussen die verskillende skole nie.

Die respondente voer onder andere die volgende redes aan vir hul keuse:

- Tale verryk jou woordeskat en kennis
- Taal is nodig vir suksesvolle kommunikasie
- Taal leer jou basiese vaardighede wat jy nodig het vir die werksituasie
- 'n Mens moet elke taal behoorlik leer praat en nie 'n mengelmoes nie
- Taal/tale ontwikkel 'n mens as persoon
- Taal leer 'n mens van ander kulture

Slegs 12% van die respondente is nie ten gunste daarvan dat 'n taal op skool aangebied word nie. Hierdie respondente is oor die algemeen van mening dat hulle alreeds twee tale kan praat en dat daar geen nodigheid is om taalleer soos sinsontleding te leer nie.

#### **4.4 Verkies jy om in Afrikaans onderrig te word? Gee asseblief 'n rede/redes vir jou antwoord.**

Die oorgrote meerderheid van die respondente (91%) is van mening dat hulle in Afrikaans onderrig wil word. Die data toon dat meer vroulike respondente (96%), as manlike respondente (87%), ten gunste van moedertaalonderrig is.

Die respondente voer die volgende redes aan vir hul keuse:

- Dit is makliker om in jou moedertaal te leer
- Dit is makliker om moeilike konsepte te verstaan

Slegs 9% van die respondente toon aan dat hulle nie in Afrikaans onderrig wil word nie. Hierdie respondente is van mening dat dit hulle in die toekoms meer sal help, indien hulle in Engels onderrig word.

Daar is volgens die Pearson Chikwadraat toets geen beduidende statistiese verskille tussen die twee geslagte, of die drie skole nie.



#### **4.5 Dink jy dit is nodig om Afrikaans as eksamenvak te neem? Gee 'n rede/redes vir jou antwoord.**

Die data toon dat slegs 63% van die respondente (manlik en vroulik) van mening is dat Afrikaans as eksamenvak geneem moet word. Daar kom 'n opmerklieke verskil tussen die respons van die manlike respondente en dié van die vroulike respondente voor. In teenstelling met 56% van die manlike respondente, is 71% van die vroulike respondente van mening dat Afrikaans wel as eksamenvak geneem moet word. Dit is opvallend dat slegs 40% van skool A se manlike respondente van mening is dat dit nodig is om Afrikaans as eksamenvak te neem, in teenstelling met skool B se manlike respondente (73%). Die respondente voer oor die algemeen aan:

- Afrikaans is net soos enige ander vak. As jy dit nie leer nie, verbeter jy nie regtig daarin nie
- Die vak sal nie as ernstig beskou word, as daar geen eksamens is nie

Die respondente wat nie ten gunste van Afrikaans as eksamenvak is nie, voer aan:

- Die taalkunde is onnodige leerwerk, wat ons nooit weer sal gebruik nie
- Ons kan die taal praat, ons hoef nie getoets te word nie
- Ek gaan dit nooit gebruik nie

Hierdie respons van die respondente is nie heeltemal in ooreenstemming met die respons van die leerkragte nie. Al drie die leerkragte is van mening dat die respondente Afrikaans as eksamenvak wil neem.

**4.6. Dink jy dat jy 'n agterstand teenoor leerders het wat in Engels onderrig word, wanneer jy gaan werk? Gee asseblief 'n rede/redes vir jou antwoord.**

Die data toon dat 40% van die respondente (manlik en vroulik) voel dat hulle 'n agterstand het. Hierdie persentasie is baie beduidend. Daar kom nie 'n noemenswaardige verskil tussen die verskillende skole voor nie. Daar kom wel 'n geringe verskil tussen die twee geslagte voor. Dit blyk dat 42% van die manlik respondente, teenoor 38% van die vroulike respondente van mening is dat hulle 'n agterstand het.

Respondente wat voel dat hulle 'n agterstand het, voer die volgende redes aan:

- Al die handboeke op universiteit is in Engels wat my studie kan bemoeilik
- Engels is 'n vereiste vir die werksituasie en my Engels is nie op dieselfde vlak nie
- Ek kan my nie heeltemal so goed uitdruk in Engels nie
- Engelssprekendes kry voorkeur in die werksituasie. Ek sal dus moeiliker werk kry as my Engels nie so goed is nie

Die respondente noem die volgende redes ter motivering waarom hulle nie 'n agterstand het nie:

- Die Engelse onderrig op skool is goed
- Ek was in 'n Engelse kleuterskool
- My Engels is goed
- Ek sal vinnig die vaktaal aanleer
- Ek het baie Engelse vriende

### 9.3.5 Algemeen

**Vraag 5** toets die respondente se algemene houding teenoor Afrikaans.

**Data (Tabel 20)**

	5.1				5.2				5.3			
	N	Sel	Dik	Altyd	GN	NE	Red	Baie	GN	NE	Red	Baie
Skool A - M	0	3	5	7	0	3	6	6	2	1	7	5
Skool A - V	0	2	6	7	0	1	7	7	0	5	9	1
Skool B - M	0	1	2	12	0	3	4	8	6	4	5	0
Skool B - V	0	2	2	11	0	1	6	8	2	8	5	0
Skool C - M	0	0	5	10	0	2	6	7	7	5	3	0
Skool C - V	0	1	3	11	0	1	9	5	0	7	7	1
Totale - M	0	4	12	29	0	8	16	21	15	10	15	5
% - M	0%	9%	27%	64%	0%	18%	35%	47%	33%	23%	33%	11%
Totale - V	0	5	11	29	0	3	22	20	2	20	21	2
% - V	0%	11%	24%	65%	0%	7%	49%	44%	4%	45%	47%	4%
Totale	0	9	23	58	0	11	38	41	17	30	36	7
% - Beide	0%	10%	26%	64%	0%	12%	42%	46%	19%	33%	40%	8%

**Vraag 5.1 Voel jy trots daarop om Afrikaans te praat? Gee asseblief 'n rede/redes vir jou antwoord.**

Uit die data blyk dit dat die respondente oor die algemeen positief voel oor hulle taal. Die data toon dat 90% van die respondente dikwels, of altyd trots op hulle taal voel. Slegs 10% van al die respondente voel negatief en het aangetoon dat hulle selde trots voel op hulle taal. Dit is opmerklik dat die respondente wat negatief reageer het, veral uit skool A kom (17%), teenoor skool B (10%) en skool C (3%). Slegs 45% van skool A se respondente voel altyd trots, teenoor 77% van skool B se respondente en 70% van skool C se respondente. Daar is volgens die Pearson Chikwadrat toets geen statisties beduidende verskil tussen die twee geslagte nie. Ten opsigte van die verskillende skole kom daar interessante neigings voor, maar die data kan weens die grootte van die steekproef volgens die Pearson Chikwadrat toets, nie as statisties beduidend beskou word nie.

Die respondente wat positief reageer het, voel:

- Afrikaans is 'n pragtige, unieke taal
- Dit is my moedertaal
- Ek is lief vir my taal
- Ek is trots daarop om 'n Afrikaner te wees

Die respondente wat negatief reageer het, is van mening:

- Engelse mense sien neer op jou



- Ander mense dink Afrikaners is onnosel
- Ander mense voel negatief teenoor Afrikaners oor die politiek van die verlede

Die respondente se positiewe respons is in ooreenstemming met die respons van al drie die leerkragte. Al die leerkragte het aangetoon dat daar nog taaltrots onder leerders bestaan. Een van die leerkragte (skool B) het egter opgemerk, dat alhoewel die respondente op die oog af 'n positiewe houding teenoor Afrikaans het, hulle gemaklik (en verkieslik) oorslaan na Engels, wanneer daar Engels gepraat word.

### **Vraag 5.2 Hoe belangrik is jou kultuur vir jou?**

Die data toon dat 88% van die respondente van mening is dat hulle kultuur vir hulle redelik, of baie belangrik is. Hierdie data is in ooreenstemming met die respons op vraag 5.1. Uit die data blyk dit egter dat slegs 46% van die respondente van mening is dat dit baie belangrik is. Meer manlike respondente (47%) as vroulike respondente (44%), is van mening dat hulle kultuur baie belangrik is. Dit is interessant om daarop te let dat meer manlike respondente (18%), as vroulike respondente (7%) van mening is dat hulle kultuur nie eintlik vir hulle belangrik is nie. Volgens die Pearson Chikwadraat toets, kom daar weens die grootte van die steekproef, nie statisties beduidende verskille tussen die twee geslagte of die drie skole voor nie.

### **Vraag 5.3 Voel jy jou tuis in 'n ander kultuur?**

Die data toon dat ongeveer 48% van die respondente (manlik en vroulik) hulle redelik, of baie tuis voel in 'n ander kultuur. Die data toon egter 'n opvallende verskil tussen die respondente van die verskillende skole. Dit wil voorkom asof die respondente uit die hoër sosio-ekonomiese groep hulle tuis voel in 'n ander kultuur, as die respondente wat uit 'n minder welgestelde omgewing kom. Die data toon dat 73% van skool A se respondente (manlik en vroulik) hulle redelik of baie tuis voel in 'n ander kultuur. Hierteenoor voel slegs 33% van skool B en 37% van skool C se respondente hulle redelik, of baie tuis in 'n ander kultuur. Weens die grootte van die steekproef, kan die data nie volgens die Pearson Chikwadraat toets as statisties beduidend beskou word nie. Daar kom egter interessante neigings voor wat verdere ondersoek met 'n groter steekproef regverdig.

Uit die data blyk dit dat die vroulike respondente (51%), hulle tuis voel in 'n ander kultuur, as die manlike respondente (44%). Slegs 4% van die vroulike respondente voel

hulle glad nie tuis in 'n ander kultuur nie, teenoor 33% van die manlik respondente. Volgens die Pearson Chikwadraat toets is hierdie data statisties beduidend. Dit wil dus voorkom asof die vroulike respondente makliker geneig is tot 'n kultuurverskuiwing as die manlike respondente.

#### Data (Tabel 21)

	5.4		5.5		5.6		5.7		5.8	
	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee
Skool A - M	5	10	3	12	7	8	5	10	10	5
Skool A - V	4	11	5	10	7	8	3	12	13	2
Skool B - M	7	8	6	9	12	3	3	12	9	6
Skool B - V	2	13	3	12	4	11	3	12	6	9
Skool C - M	7	8	9	6	12	3	2	13	11	4
Skool C - V	3	12	2	13	5	10	8	7	8	7
Totale - M	19	26	18	27	31	14	10	35	30	15
% - M	42%	58%	40%	60%	69%	31%	22%	78%	67%	33%
Totale - V	9	36	10	35	16	29	14	31	27	18
% - V	20%	80%	22%	78%	36%	64%	31%	67%	60%	40%
Totale	28	62	28	62	47	43	24	66	57	33
% - Beide	31%	69%	31%	69%	52%	48%	27%	73%	63%	37%

#### Vraag 5.4 Voel jy ontevrede wanneer jy byvoorbeeld in 'n winkel of restaurant nie in Afrikaans bedien word nie? Gee asseblief 'n rede/redes vir jou antwoord.

Die data toon dat slegs 31% van die respondente ontevrede voel. Ongeveer 69% van die respondente het aangetoon dat dit hulle glad nie pla om in 'n ander taal bedien te word nie. Hierdie data toon 'n sterk ooreenkoms met vraag 3.1.12, waar 77% van die respondente aangetoon het dat hulle Engels met winkelassistente praat. Dit is opmerklik dat daar besliste verskille tussen die manlike- en die vroulike respondente voorkom. Dit blyk dat slegs 20% van die vroulike respondente ontevrede voel, teenoor 42% van die manlike respondente. In elk van die skole is dit die manlike respondente wat ontevrede voel. Dit is veral die manlike respondente van skole B en C wat ontevrede voel. Volgens die Pearson Chikwadraat toets is hierdie data statisties beduidend. Hierdie data toon 'n ooreenkoms met die data in vraag 5.3, waar hierdie respondente aangetoon het dat hulle ook nie tuis voel in 'n ander kultuur nie. Daar kom volgens die Pearson Chikwadraat toets nie statisties beduidende verskille tussen die drie skole voor nie.

Die respondente wat nie ontevrede voel nie, huldig die volgende menings:

- Ek praat gewoonlik Engels met vreemdelinge
- Almal in Johannesburg praat Engels
- Al die restaurante en winkels is Engels
- Dit is nie vir my belangrik nie
- Nie almal kan Afrikaans praat nie
- Dit laat my deftiger voel

Respondente wat ontevrede is, voer aan:

- As my geld goed is, moet my taal goed wees
- Afrikaans is een van die land se amptelike tale, besigheidsmense behoort dit te ken

**Vraag 5.5 Is dit vir jou belangrik om eendag met iemand wat Afrikaans as moedertaal het, in die huwelik te tree? Gee asseblief 'n rede/redes vir jou antwoord.**

Die data toon dat dit vir slegs 31% van die respondente (manlik en vroulik), belangrik is om met iemand wat Afrikaans as moedertaal het, in die huwelik te tree. Vir die oorgrote meerderheid van die respondente (69% - manlik en vroulik) is dit nie belangrik nie. Volgens die Pearson Chikwadraat toets kom daar nie statisties beduidende verskille tussen die verskillende skole voor nie.

UNIVERSITY  
OF  
JOHANNESBURG

Daar kom egter 'n interessante verskil tussen die manlike respondente van die verskillende skole voor. Skool A se manlike respondente se respons verskil lynreg van dié van skool C. Dit is vir slegs 20% van skool A se manlike respondente belangrik, teenoor 60% van skool C se manlike respondente. Die data toon dat dit vir 40% van skool B se manlike respondente belangrik is om met iemand wat Afrikaans as moedertaal het, in die huwelik te tree.

Daar kom op die oog af 'n groot verskil tussen die manlike- en die vroulike respondente voor. Vir 40% van die manlike respondente is dit belangrik om met iemand wat Afrikaanssprekend is, te trou. Daarteenoor het slegs 22% van die vroulike respondente aangetoon dat dit vir hulle belangrik is. Dit is opmerklik dat alhoewel 'n hoë persentasie van die vroulike respondente in skool A (67%), aangetoon het dat dit nie vir hulle belangrik is nie, die persentasie laer is as dié van skool B (80%) en skool C (87%). Dit is interessant om daarop te let daar 'n groot verskil tussen die manlike- en vroulike respondente van

skool C voorkom. In teenstelling met die manlike respondente van skool C, waar 60% van die manlike respondente aangetoon het dat dit vir hulle belangrik is om met iemand wat Afrikaanssprekend is, te trou, is dit vir slegs 13% van die vroulike respondente van skool C van belang.

Weens die grootte van die steekproef kan die verskil tussen die twee geslagte volgens die Pearson Chikwadraat toets nie as statisties beduidend beskou word nie. Die neigings wat aan die lig gekom het, regverdig beslis verdere ondersoek met 'n groter steekproef.

Die respondente voer die volgende redes aan waarom dit nie vir hulle belangrik is nie:

- Taal is nie 'n rede om met iemand te trou nie
- Liefde gaan nie oor taal nie
- Ek verkies Engelse meisies/ouens
- Dit is nie vir my belangrik nie
- Ek wil my kinders tweetalig grootmaak
- Alles gaan eendag Engels wees, daarom moet my kinders Engels wees

Respondente wat voel dat dit belangrik is, voer die volgende redes aan:

- Dit is belangrik om met iemand van dieselfde taal en kultuur te trou
- Daar sal minder probleme in die gesin wees
- Beter kommunikasie
- Ek verkies Afrikaanse mense
- Ek voel gemaklik in my moedertaal en kan my die beste daarin uitdruk
- Ons sal beter by mekaar pas
- Ek sal nooit my taal prysgee nie

**Vraag 5.6 Is dit vir jou belangrik dat jou kinders eendag deur medium van Afrikaans onderrig word? Gee asseblief 'n rede/redes vir jou antwoord.**

Dit blyk uit die data dat dit vir slegs 52% van die respondente belangrik is dat hul kinders deur medium van Afrikaans onderrig word. Hierdie respons is veel meer positief as die respons op vraag 5.5 waar slegs 31% van die respondente te kenne gegee het, dat dit vir hulle belangrik is om met iemand wat Afrikaanssprekend is, te trou. Daar is ook 'n beduidende verskil tussen die respons van skool A se manlike respondent en dié van die manlike respondente van die ander skole. Die data toon dat slegs 47% van skool A se

manlike respondente dit as belangrik beskou, in teenstelling met skool B (80%) en skool C (80%) se manlike respondente. Dit is opmerklik dat skool A se vroulike respondente in teenstelling met die ander skole se vroulike respondente, meer positief is. Die data toon dat 47% van skool A se vroulike respondente van mening is dat dit belangrik is, in teenstelling met 27% van die vroulike respondente van skool B en 33% van dié van skool C. Daar is volgens die Pearson Chikwadraat toets nie statisties beduidende verskille tussen die drie skole nie. Daar kom egter interessante neigings onder die manlike respondente van die verskillende skole voor, wat verdere ondersoek met 'n groter steekproef regverdig.

Daar is 'n groot verskil in respons tussen die manlike- en die vroulike respondente. Die data toon dat dit vir 69% van die manlike respondente van belang is dat hul kinders eendag deur medium van Afrikaans onderrig word, terwyl dit vir slegs 36% van die vroulike respondente belangrik is. Die afleiding kan beslis gemaak word dat hul moedertaal vir die vroulike respondente oor die algemeen minder belangrik is, as vir die manlike respondente. Volgens die Pearson Chikwadraat toets is hierdie data beslis statisties beduidend.

Dit is interessant dat dit vir die manlike-, sowel as die vroulike respondente belangriker is dat hul kinders eendag deur medium van Afrikaans onderrig word, as wat dit vir hulle is om met 'n persoon wat Afrikaanssprekend is, te trou.

Die respondente voer die volgende redes aan waarom hulle voel dit is belangrik dat hul kinders eendag deur medium van Afrikaans onderrig word:

- Ek wil hê my taal en tradisie moet oorleef
- Ek wil my kultuur behou
- Daar is meer dissipline in Afrikaanse skole
- My kinders moet ook trots wees op hul moedertaal
- My kinders moet dieselfde moedertaal hê as ek

Die respondente het die volgende redes aangevoer waarom dit nie vir hulle belangrik is nie:

- Afrikaans is besig om uit te sterf
- Engels is die wêreldtaal
- Dit is beter vir my kinders se toekoms om in Engels onderrig te word
- Dit is nie regtig belangrik nie
- Ek wil hê my kinders moet Engels wees

**Vraag 5.7 Behoort jy of jou ouers aan enige kultuurorganisasie(s), bv. F.A.K., A.T.K.V., Voortrekkers, ensovoorts?**

Die data toon dat daar 'n uiters beperkte belangstelling onder die respondente en/of hul ouers in kultuurorganisasies is. Slegs 27% van alle respondente en/of hul ouers, behoort aan 'n kultuurorganisasie. Daar kom nie werklik 'n beduidende verskil tussen die respondente van die verskillende skole voor nie. Op die oog af lyk dit asof meer vroulike respondente en/of hul ouers aan 'n kultuurorganisasie behoort.

Wanneer daar na die respons van die vroulike respondente van die individuele skole gezyk word, toon die data egter 'n beduidende verskil ten opsigte van skool C se vroulike respondente en die vroulike respondente van die ander skole. Dit blyk dat 53% van skool C se vroulike respondente en/of hul ouers aan 'n kultuurorganisasie behoort, in teenstelling met skool A (20%) en skool B (20%).

**5.8 Dink jy Afrikaans het enige toekoms in Suid-Afrika?**

Die respons ten opsigte van hierdie vraag was redelik negatief. Uit die data blyk dit dat slegs 63% van die respondente (manlik en vroulik), van mening is dat Afrikaans 'n toekoms het. Die data toon dat 77% van skool A se respondente, manlik en vroulik, baie positief is, in vergelyking met skool B se respondente (50%) en dié van skool C (63%). Volgens die Pearson Chikwadraat toets is die data, weens die grootte van die steekproef, nie statisties beduidend ten opsigte van die verskil in geslag nie. Daar is ook nie statisties beduidende verskille tussen die drie skole nie.

Wanneer daar egter na die respons van die vroulike respondente in die verskillende skole gezyk word, blyk dit dat die vroulike respondente van skool A se respons, lynreg verskil van die respons van die vroulike respondente van die ander twee skole. Die data toon dat 87% van skool A se vroulike respondente uiters positief is oor die toekoms van Afrikaans. Hierteenoor is slegs 40% van skool B en 53% van skool C se vroulike respondente positief. Respondente wat voel dat Afrikaans 'n toekoms het, voer aan:

- Meer Afrikaners staan op hulle regte
- Daar is nog baie mense in Suid-Afrika wat sterk voel oor hul taal
- Dit is miljoene mense se moedertaal
- Baie jongmense is trots op hulle taal

Respondente wat negatief voel, huldig die volgende mening:

- Die regering is Swart en die Swartmense wil net Engels praat
- Alles is besig om te verengels
- Jy het nie meer Afrikaans nodig nie
- Die universiteite word almal Engels

Hierdie respons is in ooreenstemming met die respons van die leerkragte van die onderskeie skole, wat ook ervaar dat respondente Engels as belangrik beskou vir verdere studie en oorsese beroepsmoontlikhede.

**Data (Tabel 22)**

	5.9		5.10		5.11		5.12	
	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee
Skool A - M	11	4	3	12	6	9	9	6
Skool A - V	13	2	1	14	12	3	13	2
Skool B - M	13	2	4	11	13	2	11	4
Skool B - V	11	4	2	13	5	10	10	5
Skool C - M	11	4	3	12	14	1	12	3
Skool C - V	14	1	1	14	5	10	10	5
Totale - M	35	10	10	35	33	12	32	13
% - M	78%	22%	22%	78%	73%	27%	71%	29%
Totale - V	38	7	4	41	22	23	33	12
% - V	84%	16%	9%	91%	49%	51%	73%	27%
Totale	73	17	14	76	55	35	65	25
% - Beide	81%	19%	16%	84%	61%	39%	72%	28%

**Vraag 5.9 Voel jy dat Afrikaans deur die huidige regering afgeskeep word? Gee asseblief 'n rede/redes vir jou antwoord.**

Die data toon dat die meerderheid van die respondente (81%), van mening is dat Afrikaans wel deur die regering afgeskeep word. Daar kom nie 'n beduidende verskil in respons tussen die verskillende skole voor nie. Daar is wel 'n geringe verskil tussen die geslagte. Meer vroulike respondente (84%), as manlike respondente (78%), is van mening dat Afrikaans wel deur die huidige regering afgeskeep word. Volgens die Pearson Chikwadraat toets is daar nie statisties beduidende verskille tussen die twee geslagte, of die drie skole nie.

Die respondente wat voel dat Afrikaans afgeskeep word, voer aan:

- Die regering praat net Engels
- Afrikaans word oral uitgeskuif

- Daar is baie meer Engels op televisie
- Al die regeringsdokumente en borde langs die paaie is Engels
- Afrikaans word met apartheid geassosieer.
- Baie min parlamentslede lewer toesprake in Afrikaans

Respondente wat voel dat Afrikaans nie afgeskeep word nie, huldig die volgende menings:

- Die regering maak nie die Afrikaanse skole toe nie
- Elke taal en kultuur moet na homself kyk
- Daar is baie ander amptelike tale wat minder aandag kry

**Vraag 5.10 Dink jy Suid-Afrika moet een amptelike taal hê? Gee asseblief 'n rede/ redes vir jou antwoord.**

Uit die data blyk dit dat slegs 16% van die respondente van mening is dat Suid-Afrika net een amptelike taal moet hê. Die oorgrote meerderheid van die respondente (84%), manlik en vroulik, is van mening dat Suid-Afrika meer as een amptelike taal moet hê. Daar kom nie 'n groot verskil in respons tussen die verskillende skole voor nie, maar wel tussen die verskillende geslagte. Die data toon dat 22% van die manlike respondente van mening is dat daar net een amptelike taal moet wees, teenoor slegs 9% van die vroulike respondente. Die respons op hierdie vraag is bykans 'n spieëlbeeld van die respons op vraag 5.9, waar 81% van die respondente van mening is dat Afrikaans deur die regering afgeskeep word.

Die respondente voer die volgende redes aan waarom daar nie net een taal moet wees nie:

- Daar is baie verskillende tale en kulture in die land
- Almal se tale en kulture is belangrik
- Elkeen het die reg om trots te voel op sy taal
- Al die verskillende tale en kulture maak die land uniek
- Daar kan dan teen niemand gediskrimineer word nie

Respondente wat een taal ondersteun, voer die volgende redes aan:

- Dit sal kommunikasie in die land vergemaklik
- Almal verstaan Engels
- As almal Engels praat, pas ons beter by die res van die wêreld



**Vraag 5.11 Is dit vir jou belangrik dat jou kinders eendag Afrikaans as huistaal sal hê?**

Die data toon dat dit vir slegs 61% van die respondente belangrik is dat hulle kinders eendag Afrikaans as huistaal sal hê. Hierdie respons is in ooreenstemming met die respons in vraag 5.8 waar slegs 63% van die respondente van mening is dat Afrikaans 'n toekoms het. Hierdie respons is egter interessant, gesien in die lig daarvan dat slegs 31% van die respondente in vraag 5.5 aangetoon het dat dit vir hulle belangrik is om met iemand wat Afrikaanssprekend is, te trou. Voorts het net 52% van die respondente in vraag 5.6 aangetoon, dat dit vir hulle belangrik is dat hulle kinders in 'n Afrikaansmedium skool onderrig word. Daar is volgens die Pearson Chikwadraat toets geen statisties beduidende verskille tussen die drie skole nie.

Volgens die Pearson Chikwadraat toets is daar wel statisties beduidende verskille tussen die twee geslagte. Dit blyk dat dit vir die manlike respondente belangriker is as vir die vroulike respondente, dat hul kinders eendag Afrikaans as huistaal sal hê. Die data toon dat 73% van die manlike respondente dit as belangrik beskou, in teenstelling met 49% van die vroulike respondente. Die respons van die manlike respondente is in ooreenstemming met vraag 5.6, waar 69% van die respondente aangetoon het dat dit vir hulle belangrik is dat hul kinders deur medium van Afrikaans onderrig word.

Daar kom ten opsigte van die manlike respondente ook 'n interessante verskil voor. Dit is vir slegs 40% van die manlike respondente van skool A belangrik, in teenstelling met 87% van die manlike respondente van skool B en 93% van die manlike respondente van skool C. Daar is ook 'n aansienlike verskil tussen die respons van die vroulike respondente. Die data toon dat dit vir 80% van skool A se vroulike respondente belangrik is dat hul kinders eendag Afrikaans as huistaal sal hê, in vergelyking met die vroulike respondente van skool B (34%) en dié van skool C (34%).

**Vraag 5.12 Moedig enige van jou ouers jou aan om trots te wees op jou moedertaal?**

Die meerderheid van die respondente (72%), manlik en vroulik, het te kenne gegee dat hulle ouers hul aanmoedig om trots te wees op hulle taal. Daar kom nie 'n noemenswaardige verskil in respons tussen die twee geslagte voor nie (71% manlik, teenoor 73% vroulik). Die data toon egter dat daar wel 'n verskil in respons voorkom

tussen die manlike respondente van die drie skole. Volgens die manlike respondente van skool A, moedig net 60% van hul ouers hulle aan om trots te wees op hulle taal, teenoor 73% van skool B en 86% van skool C se ouers. Die klaarblyklike gebrek aan aanmoediging van sommige van skool A se ouers, kan moontlik 'n verduideliking bied vir die gebrek aan taalhandhawing by skool A se manlike respondente. In teenstelling met skool A se manlike respondente (60%), toon die data dat 87% van skool A se vroulike respondente se ouers hulle aanmoedig om trots te wees op hulle taal.

#### 9.4 Samevatting van die hoofbevindings


In hierdie samevatting word daar deur middel van sirkelgrafieke gefokus op van die belangrikste aspekte wat in die empiriese ondersoek aan die lig gekom het.

##### 9.4.1 Taalgebruik in die gesinsdomein

Al die respondente se moedertaal is Afrikaans. Uit die data blyk dit dat Afrikaans die taal is wat die meeste in die gesinsdomein gepraat word. Ten spyte van die feit dat ongeveer 94% van beide ouers van die respondente Afrikaans as moedertaal het, praat 58% van die respondente ook Engels in die huis. Geen van die ander amptelike tale word gepraat nie. Die enigste ander taal wat deur 2% van die respondente in die gesinsdomein gepraat word, is Duits. Die data illustreer dat Engels ontenseglik 'n beduidende invloed op die gesinsdomein uitoefen.

#### Grafiek 1

Die gebruik van ander tale in die huis




### 9.4.2 Taalgebruik buite die gesinsdomein

Wanneer daar na taalgebruik buite die gesinsdomein gekyk word, is dit opmerklik dat Engels ook 'n primêre rol speel in hierdie domeine. Uit vrae 3.1.10, 3.1.12 en 3.1.13 (sien hoofstuk 9), wat onderskeidelik handel oor taalgebruik met vriende buite die skool, winklassistente en vreemdelinge, is die volgende tendens sigbaar:

**Grafiek 2**

**Die gebruik van tale buite die gesinsdomein**




Sover dit taalgebruik met die bure (vraag 3.1.11) en die huishulp (vraag 3.1.4) betref, regverdig dit nie hier insluiting nie, aangesien die respondente weinig beheer het oor die taal van sy/haar bure of huishulp.

### 9.4.3 Taalvoorkeur ten opsigte van radio- en televisie-uitsendings

In Suid-Afrika speel Engels 'n dominante rol in radio- en televisie-uitsendings. Die invloed hiervan is duidelik sigbaar in die taalvoorkeur van die respondente.

**Grafiek 3**

**Taalvoorkeur ten opsigte radio- en televisie-uitsendings**




Uit die data blyk dit dat die respondente 'n sterk voorkeur vir Engelse radio- en televisie-uitsendings het (sien hoofstuk 9, vrae 3.2.2 en 3.2.3). Die respondente toon ten opsigte van die ander massamedia soos tydskrifte en koerante, ook 'n duidelike voorkeur vir Engels (sien hoofstuk 9 vrae 3.2.5 en 3.2.6). Hierdie respons is nie by die grafiek ingesluit nie, omdat van die respondente aangetoon het dat hulle meestal die koerante en tydskrifte lees wat hul ouers koop. Die respons is dus nie noodwendig altyd die respondente se eie taalvoorkeur nie, maar in sommige gevalle dié van die ouers.

#### 9.4.4 Taalgebruik by die uitdruk van emosie

In talle situasies waar gevoelens soos woede en liefde uitgedruk word (sien hoofstuk 9 vrae 3.3.2 en 3.3.3), verkeer die respondente onder geen druk om Engels te gebruik nie. Ten spyte hiervan, is die invloed van Engels duidelik te bespeur. Taalgebruik by die uitdruk van liefde, word as voorbeeld gebruik om aan te toon watter invloed Engels op die respondente se taalgebruik het.


#### Grafiek 4

**Taalgebruik by die uitdruk van liefde**




#### 9.4.5 Taalvermenging/Kodewisseling

Die uitwerking van tweetaligheid op taalgebruik, is duidelik merkbaar in die respons van die respondente van al drie skole. Uit die data blyk dit dat die respondente nie 'n suiwer Afrikaans praat nie. Die oorgrote meerderheid van die respondente meng hulle tale. Die tale wat gemeng word, is hoofsaaklik Afrikaans en Engels.


**Grafiek 5****Taalvermenging****9.4.6 Die verbetering van taalvaardighede**

In hoofstuk 4 word aangetoon, dat taal en taalbeheersing onafskeidbaar is van die mens se leef- en beroepswêreld. Die persepsie bestaan by 'n groot aantal respondente dat hulle vaardig genoeg is in hulle moedertaal. Slegs 13% van die respondente wil hul taalvaardighede in Afrikaans verbeter. In teenstelling hiermee, het 64% van die respondente aangetoon dat hulle hul taalvaardighede in Engels wil verbeter (sien hoofstuk 9 vraag 3.9).


UNIVERSITY  
OF  
JOHANNESBURG

**Grafiek 6****Tale waarin die respondente hulle vaardighede wil verbeter**

Die gebrek aan goeie taalvaardighede by respondente kan moontlik gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat die meerderheid van die respondente nie eintlik Afrikaans lees nie, soos blyk uit grafiek 7.

**Grafiek 7****Die vrywillige lees van Afrikaanse boeke****9.4.7 Taal en onderwys**

Die data toon dat indien die respondente die keuse het om net een taal as skoolvak te kies, slegs 51% van die respondente Afrikaans kies (sien hoofstuk 9, vraag 4.2).

**Grafiek 8****Kies een amptelike taal as skoolvak**


Hierdie respons illustreer die persepsie van respondente dat Engels die weg tot sukses spel.

#### 9.4.8 Algemene houding teenoor Afrikaans

Die meerderheid van die respondente het aangetoon dat hulle trots daarop voel om Afrikaans te praat (Sien hoofstuk 9, vraag 5.1).

**Grafiek 9**

#### Trots daarop om Afrikaans te praat




Alhoewel die respondente aangetoon het dat hulle trots voel daarop om Afrikaans te praat, voel 69% van die respondente glad nie ontevrede om in byvoorbeeld 'n winkel of restaurant in Engels bedien te word nie (sien hoofstuk 9 vraag 5.4).

Die respons ten opsigte van die toekoms van Afrikaans was redelik negatief (sien hoofstuk 9, vraag 5.8).

**Grafiek 10**

#### Het Afrikaans enige toekoms?




Hierdie data is in ooreenstemming met die respons op vraag 5.11, waar slegs 61% van die respondente aangedui het dat dit vir hulle belangrik is dat hulle kinders eendag Afrikaans

as huistaal sal hê. Voorts het ook net 52% van die respondente aangetoon dat dit vir hulle belangrik is dat hulle kinders eendag deur medium van Afrikaans onderrig word (sien hoofstuk 9 vraag 5.6). Die voortbestaan van 'n taal soos bespreek in 6.4.1.2, hang dikwels saam met die keuse van 'n huweliksmaat. Dit blyk uit die data dat dit glad nie vir die respondente van belang is om met iemand wat Afrikaanssprekend is, in die huwelik te tree nie (sien hoofstuk 9 vraag 5.5).


### Grafiek 11

**Die belangrikheid van 'n Afrikaans moedertaalspreker as huweliksmaat**



### Grafiek 12

UNIVERSITY  
OF  
JOHANNESBURG  
**Een amptelike taal**



Ten spyte van die voorkeur vir Engels, soos blyk uit die data, is die meerderheid van die respondente nie ten gunste van net een amptelike taal nie.



